

## VERWELKOMING EN BEDANKING

---

Die Departement Afrikaans en Nederlands van die Skool vir Tale op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit heet u van harte welkom by “Wêreld en/in wêreld: Die Afrikaanse letterkunde en ‘vertaling’”, die 2016-kongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging. Daar is ’n ryke verskeidenheid referate oor hierdie tema, met deelnemers van verskillende universiteite in Suid-Afrika en die buiteland.

Die gesprek by hierdie kongres is gerig op die wisselwerking van “wêreld” (en gepaardgaande verwagtinge), sowel tekstueel as kontekstueel. In noue verband hiermee staan “vertaling”: beide die vertaling van Afrikaanse literêre tekste na ander tale en die vertaling uit ander tale na Afrikaans. “Vertaling” word ook in ’n breër sin bedoel, naamlik: vertaling as “interpretasie” en interpretasie as “vertaling”; herskrywing van bestaande werke en vorme; verwerking van argivale materiaal; verwerking na ander media, byvoorbeeld film, en die uitdagings wat in hierdie verband aan die medium gestel word; digitalisering; die wisselwerking tussen literêre genres; die verhouding van literêre tekste met ander kunsvorme, byvoorbeeld die beeldende kunste, musiek, toneel.

Om verdere kleur aan die vertalingstema, ook in ’n breër sin bedoel, te verleen, word “Byderhand – ’n kreatiewe en navorsingsprojek oor plekspesifieke digitale literatuur” in die kollig geplaas. Franci Greyling is die projekteier. Die besoek aan die botaniese tuin van die NWU om die tuinverse te ervaar, kader hierin.

Baie dankie aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, spesifiek die waarnemende dekaan prof. Attie de Lange, en aan prof. Johann van der Walt, waarnemende direkteur van die *Navorsingseenheid Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks* vir die aanmoedigende ingesteldheid. Spesiale dank aan my kollegas in die Departement Afrikaans en Nederlands (Janien Linde en Thys Human in die besonder), die ondersteuningspersoneel by die Navorsingseenheid (Elsa van Tonder en Nicoline Gerber), en die assistent D.J. Cloete vir die bystand met die organisering en aanbieding van die kongres.

Mag die gesprek oor “wêreld en/in wêreld” en “vertaling” besonder vrugbaar wees.

**Phil van Schalkwyk**

**Ondervoorsitter, ALV**

## PROGRAM

---

### Woensdag, 31 September

- 08:00 – 08:45**    **Aankoms en registrasie**
- 08:45 – 09:00**    **Opening en verwelkoming** [G17]  
Voorsitter: Thys Human
- 09:00 – 10:00**    **Die reis na wêreld deur stiplees** [G17]  
Voorsitter: Willie Burger
- Hein Viljoen:**  
'n Stilometriese analise van negasie en negativering in die werk van Elisabeth Eybers
- Louise Viljoen:**  
Die gedig as paringsdans: 'n Onderzoek na enkele liefdesgedigte in Marlene van Niekerk se bundel *Kaar*
- 10:00 – 10:30**    **Tee / koffie**
- 10:30 – 12:15**    **Plek; landskap; media; die digitale** [G17]  
Voorsitter: Marius Crous
- Bernard Odendaal:**  
Mediosferiese veranderings en die skryf en onderrig van digkuns
- Franci Greyling:**  
Plekspesifieke digitale literatuur: Samespel en wisselwerking in nuwe kontekste
- Susan Smith:**  
Wêreld en teks: "Landskapverinniging" as poëtiese werkwyse. 'n Onderzoek na taalwêreld en reële wêreld aan die hand van die gedig "tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid" in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog
- 12:15 – 13:00**    **Middagete**

13:00 – 14:30	<b><u>Ontspanningsliteratuur?</u></b> [G17] Voorsitter: Martina Vitackova	<b><u>“Ander” wêreld</u></b> [G12] Voorsitter: Alwyn Roux
	<b>Lisetta Jacobs:</b> E.K.M. Dido se prosawerke: “hoog” of “laag”?	<b>Mariëtte van Graan:</b> Tussen werklik onwerklike wêreld: Magiese realisme en die paranormale wetenskap
	<b>Neil van Heerden:</b> Die (nie)kanonisering van Deon Meyer se romans	<b>Gerda Taljaard-Gilson:</b> Meditasies in ’n begraafplaas: ’n Verkenning van Afrikaanse grafdigters en kerkhofpoësie
	<b>Frederick J. Botha:</b> Karin Brynard se <i>Plaasmoord</i> (2009) as eietydse “plaasroman”	<b>Karen Kuhn:</b> Visioene in wisselwerking vir ’n “ander vertaling”: Brandt en Baba Vanga

14:30 – 15:00 Tee / koffie

15:00 – 16:30	<b><u>Hermetisme:</u></b> <b><u>relasionaliteit; mens;</u></b> <b><u>dier; masjien</u></b> [G17] Voorsitter: Jerzy Koch	<b><u>Relasionaliteit:</u></b> <b><u>utopie/distopie</u></b> [G12] Voorsitter: Sonja Loots
	<b>Andries Visagie:</b> Gilbert Gibson se spel met die hermetisisme van die gnostiek in sy gedig “glimlag” uit <i>Oogensiklopedie</i>	<b>Adèle Nel:</b> Om wêreld te verbeel(d): Tekstuele relasionaliteit in <i>Wonderboom</i> (Lien Botha)
	<b>Janien Linde:</b> “Wat sou hulle makeer het, daardie brakke? om weg te dros...”: Coenraad de Buys, Harry Haller en Peter Blum	<b>Thys Human:</b> “Die Wonderboom-ekspedisie”: Lien Botha se <i>Wonderboom</i> as kritiese distopie
	<b>Tanja Botha:</b> ’n Literêr-historiese oorsig oor mens-masjienverhoudinge in die Afrikaanse poësie: ’n Ystervoëlvlug (1900-2012)	<b>Bibi Burger:</b> Die stadsploas in <i>Vlakwater</i> (2015) deur Ingrid Winterbach as utopiese, distopiese en heterotopiese ruimte

**17:00 – 18:00**    **Opsioneel:** 'n Interaktiewe leeservaring in die Botaniese Tuin (Byderhand – 'n kreatiewe en navorsingsprojek oor plekspesifieke digitale literatuur). **Adres:** Gerrit Dekkerstraat, Breedtegraad 26° 43. 951' S; Lengtegraad, 27° 05. 701' E. Daar is 'n bus (30-sitplek) vir diegene wat daarvan gebruik wil maak.

**Donderdag, 1 September**

**08:30 – 09:00**    **Enkelsessie:** [G17]

Voorsitter: Andries Visagie

**Willie Burger:**

Wêreldliteratuur, 'n wêreld van literatuur, die moderne wêreld en die Afrikaanse literêre wêreld

<b>09:00 – 10:30</b>	<b><u>Perspektiewe op Marlene van Niekerk se <i>Kaar</i></u></b> [G17] Voorsitter: Ihethe Jacobs	<b><u>(Buite)wêreld: aards; literêr; ideologies</u></b> [G12] Voorsitter: Anthea van Jaarsveld
	<b>Annika Mouton:</b> Verset in Marlene van Niekerk se historiografiese metapoësie in <i>Kaar</i>	<b>Alwyn Roux:</b> Die stryd tussen wêreld en aarde in Breyten Breytenbach se eilandgedigte
	<b>Marius Crous:</b> Keteldal of mandjie, kis of die mond van Sint Ambrosius: Dekonstruksie en die vertaalproses aan die hand van Marlene van Niekerk se <i>Kaar</i>	<b>Karen de Wet:</b> Ballingdigters in Afrikaans: 'n Karterende ondersoek
	<b>Anelda Marx:</b> Met die oog op voëls in <i>Kaar</i> (2013) deur Marlene van Niekerk	<b>Małgorzata Drwal:</b> Een vertaalde tekst en een vertaalde ideologie: De Amerikaanse Jezus-socialist in Zuid-Afrika. <i>Hulle noem my Timmerman</i> van Upton Sinclair in het vakbondstijdschrift <i>Die Klerewerker/The Garment Worker</i>

**10:30 – 11:00**    **Tee/koffie**

11:00 – 12:30	<b><u>Taksonomie; sisteem; vervreemding; verfilming; teater</u></b> [G17] Voorsitter: Hein Viljoen	<b><u>Representasie; vertaling; kontroverse</u></b> [G12] Voorsitter: Janien Linde
	<b>Susan Meyer:</b> Natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem: 'n Ondersoek na <i>Boomkastele: 'n sprokie vir 'n stadsmens</i> (Schalk Schoombie)	<b>Susann Marais:</b> Die uitbeelding van die vrou in <i>Huisgenoot</i> in 1963 en 2013: 'n Multimodale diskoersanalise
	<b>Hennie Van Coller en Anthea van Jaarsveld:</b> Domestikasie en vervreemding in die verfilming (1989) van <i>A dry white season</i> (1979) van André P. Brink	<b>Martina Vitackova:</b> Feministe in die literêre onderwêreld. 'n Verkenning van Afrikaanse chick-lit uit die oogpunt van (post)feministiese teorie
	<b>Carien Smith:</b> Verskuiwende paradigmas in die Afrikaanse Teater: Die Absurdisme, die Apokalipsis en die verval van die menslike gesagstrukture. 'n Ondersoek van Tertius Kapp se <i>Oorsee</i> en Willem Anker se <i>Skrapnel</i>	<b>Ilse de Korte:</b> <i>Afrikamasutra</i> : Die vertaal van die <i>Kama Sutra</i> na Afrikaans

### 12:30 – 13:30 Middagete

13:30 – 15:00	<b><u>Literêre transposisies</u></b> [G17] Voorsitter: Susan Smith	<b><u>Afrikaanse kultuuraspekte; digitalisering; onderrig</u></b> [G12] Voorsitter: Bibi Burger
	<b>Ihette Jacobs:</b> Die “ver-taling” van die self: Struikelblokke in die totstandkoming en interpretasie van outobiografiese poësie	<b>Burgert Senekal:</b> Die samestelling van 'n digitale Afrikaanse kultuurdatabasis: Uitdagings en uitkomst

	<b>Lizelle Smit:</b> “[E]k, wat Hessie en ek is”: Hettie/Hessie of Maria/Marié?	<b>Metha-Miré Viljoen:</b> “Die etende Afrikaner”: ’n Ondersoek na die kulinêre literatuur van Marlene van Niekerk
	<b>Marlies Taljard:</b> Homeros: ’n Verjongingskuur in Afrikaans	<b>Marian Human-Nel:</b> Fiksionele wêreld as moontlike wêreld en hul verhouding met die aktuele wêreld: Is versoening moontlik deur die onderrig van Afrikaanse letterkunde?
	<b>Elsa Meihuizen:</b> Die DNS-string van die woord: Transponering in die gedigte van Cas Vos	

15:30 – 16:00 Tee / koffie

16:00 – 17:30 Algemene vergadering van die ALV [G17]

18:30 Kongresdinee Sport Village

### Vrydag, 2 September

08:30 – 09:00 Enkelsessie: [G17]

Voorsitter: Marlies Taljard

**Hans Ester:**

Hermeneutiek en vertaalkunde as tweelingsusters

09:00 – 10:30	<b><u>Lokaal; globaal;</u></b> <b><u>literatuurgeskiedenis</u></b> [G17] Voorsitter: Bernard Odendaal	<b><u>Uitdagings: betrokkenheid;</u></b> <b><u>vertaling</u></b> [G12] Voorsitter: Thys Human
	<b>Sonja Loots:</b> “Die eensame buitevelde, ver van die magsentrums van die Afro-Nasionale Staat”: Spanning tussen die lokale en globale in Marlene van Niekerk se <i>Memorandum</i> (2006)	<b>Jo-Riëtte Jacobs:</b> Vergelykende perspektiewe op die uitdagings van Afrikaanse <i>littérature</i> <i>engagée</i> : Die 1970’s en die vroeë 21ste eeu

	<b>Jerzy Koch:</b> Multatuli en Suid-Afrika	<b>D.J. Cloete:</b> Vertaling met fokus op tematiek: Schaffer en Hugo as gevalllestudie
	<b>Przemysław Paluszek:</b> Tradisie en vernieuwing: Jerzy Kochs <i>A History of South African Literature: Afrikaans Literature 17th- 19th Centuries</i> in de context van de vertaling	<b>Anné Engelbrecht:</b> Die problematiek van die vertaling van aanspreekvorme in Afrikaans aan die hand van Alan Paton se <i>Cry, the beloved country</i>

**10:30 – 11:00 Tee / koffie**

**11:00 – 12:00 Enkelsessie:** [G17]

Voorsitter: Phil van Schalkwyk

**Projekbekendstelling:**

3500 Afrikaanse skrywersprofile deur Willie van Staden

**12:00 – 13:00 Middagete**

**13:00 Vertrek**

**Frederick J. Botha:**

### **Karin Brynard se *Plaasmoord* (2009) as eietydse “plaasroman”**

Die titel van Karin Brynard se debuutroman, *Plaasmoord* (2009), suggereer drie dinge: die aansluiting by aktuele kwessies in die huidige Suid-Afrikaanse konteks; die verwagting dat die roman binne die plaasromantradisie gelees kan word; en dat die roman by die speurverhaalgenre aansluit. Die plaas as (voorheen) idilliese ruimte word duidelik in die roman ondermyn aangesien daar met die gruwels van plaasmoorde omgegaan word, met kwessies soos die Afrikaner se gebondenheid aan grond, grondbesit en grondeise wat krities aangeraak word.

Sosiale kommentaar en 'n sosiale bewussyn blyk deurgaans aanwesig te wees in hedendaagse speurspanningsverhale, wat die vraag skep of hierdie ontspanningsliteratuur ook as voorbeelde van *littérature engagée* gelees kan word (De Vries, 2014). Breytenbach (2012) meen dat Brynard met *Plaasmoord* “die speurverhaal op 'n ander manier benader” en 'n unieke blik op die problematiek van ons land gee. Die sosiale kommentaar wat in *Plaasmoord* as speurspanningsverhaal gevind word, is nie bloot teenoor Suid-Afrikaanse realiteite gerig nie, maar ook teenoor die Afrikaanse plaasromantradisie.

Die onderskeidende kenmerke van die plaasroman, soos geïdentifiseer deur Pretorius (1984) en Van Coller (1995), kan sodoende as maatstaf gebruik word om vas te stel tot watter mate *Plaasmoord* by hierdie genre aansluit, en spesifiek watter bydrae dit tot die Afrikaanse plaasromantradisie lewer. Daar word dus geensins geargumenteer dat Brynard se *Plaasmoord* uitsluitlik as plaasroman gelees behoort te word nie, maar dat dit eerder opvallend is hoe die onderskeidende kenmerke van die tradisionele plaasroman in hierdie speurverhaal op vernuwende en ondermynende wyses neerslag vind, in navolging van hedendaagse Afrikaanse plaasromans wat hierdie subgenre vernuwe.

**Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

[bothafrederick@gmail.com](mailto:bothafrederick@gmail.com)

---

**Tanja Botha:**

**'n Literêr-historiese oorsig oor mens-masjienverhoudinge in die Afrikaanse poësie: 'n Ystervoëlvlug (1900-2012)**

"Digital beings are not robots or oracles... They are embodied in all things large and small, and very small" (Negroponte, 2000: 418).

Castells (2010: 31) dui die mens se integrasie met masjiene as volg aan:

The growing integration between minds and machines, including the DNA machine, is cancelling the gap between humans and machines, fundamentally altering the way we are born, we live, we learn, we work, we produce, we consume, we dream, we fight, or we die.

In Suid-Afrika het die ontdekking van diamante (1867) en goud (middel 1880s) die mynindustrie aan die voorpunt van die land se ekonomiese, sosiale en politieke landskap geplaas en was dit die myne wat tegnologiese ontwikkeling in die land gedryf het. Met die ontstaan van stede soos Johannesburg en die toestroming van arbeiders na die stad het dié toenemende verstedeliking en die uitwerking daarvan op die sosiale en ekonomiese stand van die Afrikaner ook neerslag gevind in die Afrikaanse literatuur (vanaf 1890).

Dit is belangrik om aan te toon dat literêre kritici voor die sestigerjare (van die twintigste eeu) wel fokus op die stad en verstedeliking as 'n belangrike gegewe in die Afrikaanse literatuur, maar dat dit nie pertinent aan tegnologiese ontwikkelinge gekoppel word nie.

Hierdie referaat wil dus 'n hiaat in die literêr-historiese beskouings van die Afrikaanse poësie vul in terme van tegnologiese ontwikkelinge. Foster en Viljoen (1997), Ohlhoff (1999) en Viljoen (2005, 2010) onder andere begin vanaf die 1990's die invloed van wetenskap en tegnologie op die Afrikaanse poësie aantoon. Die uitbeelding van mens-masjienverhoudinge in die vorm van tegnologiese ontwikkelinge en tegnologiese objekte (soos die draadloos, die wekker, die x-straal en die vliegtuig) het reeds vroeg (1900) in die Afrikaanse poësie neerslag gevind. Hierdie referaat het dus ten doel om oorsigtelik hierdie vroeë verskynsels van mens-masjienverhoudinge in die Afrikaanse poësie te ondersoek en die ontwikkelinge en verskuiwings rondom hierdie verhouding vanaf 1900 tot 2012 breedweg aan te toon.

**Universiteit van Suid-Afrika**

[ebothat@unisa.ac.za](mailto:ebothat@unisa.ac.za)

**Bibi Burger:**

### **Die stadsplaas in *Vlakwater* (2015) deur Ingrid Winterbach as utopiese, distopiese en heterotopiese ruimte**

Niek, die hoofkarakter van Ingrid Winterbach se roman *Vlakwater* (2015), word deur sy buurman, Marthinus, bekend gestel aan 'n plaas in Tamboerskloof in Kaapstad. Marthinus vertel vir Niek dat die bestuurder van die plaas, Jurgen Wesseker, se planne utopies is (Winterbach, 2015:72). Hy sê ook dat hierdie utopiese planne bedreig word deur misterieuse "kragte" (Winterbach, 2015:137).

In my referaat sal ek die uitbeelding van Wesseker se stadsplaas bespreek aan die hand van Kevin Hetherington se teoretisering oor heterotopieë in *The badlands of modernity* (1997). "Heterotopie" is Foucault (2002:239) se naam vir 'n ruimte wat, soos 'n utopie, die huidige samelewing weerspieël, kontesteer of omverwerp maar wat, anders as 'n utopie, werklik bestaan. Hetherington (2003:41) voer aan dat kritici die konsep op verskillende (en soms teenstrydige) maniere aanwend. Hy kombineer Foucault se definisie van die term met Louis Marin se werk oor utopieë om aan te voer dat heterotopieë pogings om utopiese ideale te verwesenlik, verteenwoordig (Hetherington, 2003:viii).

Myns insiens kan die plaas in *Vlakwater* gelees word as só 'n heterotopiese ruimte, dit wil sê as die uitbeelding van 'n sosiale laboratorium waarin daar geëksperimenteer word met nuwe ordenings in 'n poging om utopiese ideale te realiseer. In my referaat sal ek die mense en die nie-menslike organismes wat by die plaas ingelaat en dié wat uitgesluit word, bespreek om insig te verkry in die utopiese ideale wat die plaas onderlê en in die kragte wat die voortbestaan van die plaas bedreig.

**Universiteit van Pretoria**

[bibiburger@sun.ac.za](mailto:bibiburger@sun.ac.za)

---

**Willie Burger:**

### **Wêreldliteratuur, 'n wêreld van literatuur, die moderne wêreld en die Afrikaanse literêre wêreld**

Eric Hayot, in *On Literary Worlds* (2012), wys daarop dat die woord "wêreld" na enige selfingeslote geheel (wêreld van rugby, wêreld van politiek, skaapwêreld) sowel as die grootste moontlike weergawe van alle gehele (die heelaal) kan verwys. Die punt is vir Hayot dat "wêreld" altyd 'n keuse is, iets wat as 'n totaliteit geskep word en wat uitsluitend en selektief is. Hayot voer aan dat die "wêreld" in Goethe se "*Weltliteratur*", in Hegel se "*Weltgeschichte*" en in Kant se opvatting oor kosmopolitanisme almal eintlik dieselfde is, naamlik 'n manier waarop die

“moderne wêreld” gekonseptualiseer word (juis ook in tyd). Die probleem wat alle “wêreld” veroorsaak, en spesifiek die “moderne wêreld”, is volgens Hayot: “... that it produces literary value by placing authors and artists into an already existing theory of modernism whose centre remains European. The only way you recognize that the new person is a modernist or that Brazilians had modernism, or that the many modernisms all belong to the same general category of the modernist, is if you begin from a conception of what modernism is in the first place.”

Ook in Afrikaanse literatuurgeskiedenis word telkens posisie ingeneem binne reeds bestaande (Europese) opvattinge van modernisme. In hierdie referaat gaan ek veral kyk na Pascal Cassanova se idee van “’n wêreld van letterkunde” wat sy skerp teenoor “’n wêreldletterkunde” stel. Ek wil die moontlikhede van haar omstredende begrip van “’n wêreld van letterkunde” vir die skryf van ’n Afrikaanse literatuurgeskiedenis ondersoek.

**Universiteit van Pretoria**

[Willie.Burger@up.ac.za](mailto:Willie.Burger@up.ac.za)

---

**D.J. Cloete:**

**Vertaling met fokus op tematiek: Schaffer en Hugo as gevallestudie**

Schaffer se poësie word as hermeties, assosiatief en selfs surrealisties beskou (Esterhuizen, 2013) – ’n moderne Lucebert (Hambidge, 2013). Alfred Schaffer se bundel *Kom in, dit vries daar buite* is deur Daniel Hugo vertaal. Schaffer noem aan Hugo dat hy nie moet probeer om die gedigte te verstaan wanneer hy dit vertaal nie (Schaffer & Hugo, 2013). Gill (2006:430) wys daarop dat letterkunde iets maak en iets sê. Maar dit is wanneer ons dink aan die inhoud (dit wat “gemaak” of “gesê” is) en dit verstaan, wanneer die temas bekendgemaak word aan die leser wat in teenstelling is met die uiting wat Schaffer gemaak het. Dit is wanneer daar gesê word dat die leser geïnteresseerd, aangeraak of bekommerd is oor wat die leser lees, wanneer daar gepraat kan word van temas (Gill, 2006:430). Hy noem verder dat dit (temas) wat “belangrik” is in ’n skrywer se werk, of dit waarop die skrywer klem lê – op die voorgrond plaas, glim of onderstreep – hom/haar die geleentheid gee om sy/haar werke, as individu, te kan nuanseer of die onderwerpe kan geur (Gill, 2006:431) soos die kontrasterende tematiek in *Kom in, dit vries daar buite*. Hierdie tematiese samestelling (Van Schalkwyk, 2014:206) “levert een nuwe tekst op” (T’Sjoen, 2014) en Schaffer se werk tree in gesprek met die taal en kultuur. Om hierdie rede word daar dus nie gefokus op die betekenis van die gedig om die vertaalkeuses wat gemaak is te ondersoek nie, maar op die tematiek. Die verstaan van die temas, deur middel van fyn lees (Holmström, 2006:33), moet

dus juis in die konteks waarin die gedigte geskryf is, gelees word en dan vertaal word, plaasvind. Deur die kontrasterende tematiek te gebruik as maatstaf kan daar wel tot 'n mate bepaal word watter tipe vertaalkeuses Hugo gemaak het.

**Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

[dj.cloete05@gmail.com](mailto:dj.cloete05@gmail.com)

---

**Marius Crous:**

**Keteldal of mandjie, kis of die mond van Sint Ambrosius: Dekonstruksie en die vertaalproses aan die hand van Marlene van Niekerk se *Kaar***

Gentzler (1993) ondersoek die gebruik van Derrida se dekonstruksie as vertaalstrategie en meen dat formalistiese vertaalteorie meer gebonde is aan die wette van die taal. Derrida se fokus is nie soseer op direkte ekwivalensie nie, maar op “play without calculation, wandering without an end or telos.” Derridaanse konsepte soos *différance* en die spoor problematiseer “betekenis” en ekwivalensie. Selfs konsepte soos doeltaal en brontaal word problematiseer. Kruger (2004) in een van die eerste plaaslike besinnings oor dekonstruksie en vertaling is van mening dat die vertaalproses eerder as die vertaalde produk belangrik is wanneer Derrida se teorie “toegepas” word op vertaling. Dit word ondersteun deur Davis in haar *Deconstruction and Translation* (2001) as sy opmerk dat dekonstruksie *per se* nie 'n vertaalteorie is nie, veral aangesien Derrida eerder 'n filosoof is wat hom besig hou met taal en vertaling. Op sy beurt is Pym skepties oor die gebruik van dekonstruksie in vertaling, veral vanweë die skepsis oor kategorieë en hiërargieë by Derrida, asook die uitstel van betekenis. Marlene van Niekerk se digbundel *Kaar* dien ter illustrasie van my ondersoek na die verwantskap tussen dekonstruksie en vertaling. Reeds die titel van die bundel blyk “onvertaalbaar” te wees, want hoe gaan die vertaler 'n direkte ekwivalent daarvoor vind? Dit is nie slegs net *Cirque* in Engels nie? Ander moontlikhede moet ook in ag geneem word. Hoe gaan die vertaler byvoorbeeld te werk om gedigte soos “rimram” of “Fagotvis” te vertaal?

**Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit**

[Marius.Crous@nmmu.ac.za](mailto:Marius.Crous@nmmu.ac.za)

---

## **Ilse de Korte:**

### ***Afrikamasutra*: Die vertaal van die *Kama Sutra* na Afrikaans**

In 2013 het ek die eerste Afrikaanse vertaling van die *Kama Sutra*, naamlik *Afrikamasutra*, voltooi. Dit is 'n projek wat ek self konseptualiseer het en het kunswerke deur drie Suid-Afrikaanse kunstenaars, naamlik Marna Schoeman, Hardus Koekemoer en Diek Grobelaar gebruik, wat deur my opdrag gegee is vir die boek. Na 'n draai by 'n paar uitgewers, is *Afrikamasutra* uiteindelik deur Unisa Press, as akademiese teks gepubliseer. Dit is deur proff. Henning Pieterse en Andries Oliphant beoordeel voor publikasie en ontvang in 2014 die Unisa Hiddingh-Currie-toekening vir akademiese uitnemendheid.

Hierdie publikasie was egter nie sonder kontroverse en struikelblokke nie en die resepsie was uiteenlopend. Vir my het *Afrikamasutra* nie geëindig by die publikasie van die teks nie en ek wil graag die redes rondom die uitdagings en suksesse ondersoek. Op 'n tekstuele vlak kon ek nie uit die oorspronklike Sanskrit werk nie, wat enige vertaling uit Engels 'n sekondêre vertaling maak. My eerste bron was Richard Burton se 1886 weergawe, wat op sigself problematies is as 'n mens die tyd en kulturele milieu in ag neem waarin die teks geskep is. Ander gekonsulteerde weergawes was Alain Daniélou se *The Complete Kama Sutra*, wat sterk fokus op die homoseksuele elemente in die teks, sowel as die Oxford World's Classics weergawe vertaal en verwerk deur Wendy Doniger en Sudhir Kakar.

Die bemerking van die teks het sterk gefokus op die Suid-Afrikaanse idioom en taalgebruik in die teks, sowel as die unieke kunswerke. Die teks is bemark as deel van Unisa Press se Klassieke werke reeks wat Suid-Afrikaners toegang bied tot wêreldbekende klassieke werke. Die boek het wydverspreide en positiewe mediadekking ontvang, maar is ook skerp gekritiseer vanuit sekere konserwatiewe oorde. Was Suid-Afrika gereed vir die *Afrikamasutra*? En is die bemerking van die boek reg hanteer? Wat is verloor deur hierdie vertaling of is meer gewen as verloor?

## **Universiteit Rhodes**

[i.dekorte@ru.ac.za](mailto:i.dekorte@ru.ac.za)

---

## **Karen de Wet:**

### **Ballingsdigters in Afrikaans: 'n Karterende ondersoek**

Ballingskap, in die verskillende gedaantes daarvan, en ook die impak van reis, vreemdelingskap en emigrasie op digterskap en die oeuvres van digters, is in 'n sekere sin "nog altyd" skering en inslag van die poësie. In die breë beskou dalk

reeds sedert die reisende troebadoere, terwyl Ovidius se bundels verse in ballingskap (*Poems in exile*) vandag nog besinnings oor ballingskap, vervreemding, reis en poësie beïnvloed.

Verpligte en selfopgelegde ballingskap (in verskillende vorme en om verskeie redes – insluitend persoonlike beweegredes, politieke ontnugtering, politieke verset, politieke onderdrukking) is 'n gegewe onder 'n verskeidenheid digterstemme wat identifiseerbare spore in die Afrikaanse poësie gelaat het. Die gedigte van digters in ballingskap (hetsy oor ballingskap of beïnvloed deur die ballingskap) word nie altyd naatloos onderskei van gedigte deur immigrante (immigrante-poësie) of gedigte ná emigrasie (expat-poësie), onderskei word nie.

In hierdie referaat word ondersoek ingestel na die ballingdigters in Afrikaans ten einde 'n kartering aan te bied van wie hierdie digters is, wat die redes vir en aard van hulle ballingskap is, en hoe dit hulle poësie beïnvloed het. Aandag word ook gegee aan hoe hulle ballingskap en hulle poësie in ballingskap, die Afrikaanse poësie beïnvloed het. Dit lei tot 'n tematiese ondersoek na die aard en parameters van ballingskappoësie in die Afrikaanse letterkunde.

Digterstemme wat by die ondersoek betrek word, sluit in: Breyten Breytenbach, Peter Blum, Sheila Cussons, Achmat Dangor, Annesu de Vos, Julian de Wette, Elisabeth Eybers, Vernon February, Olga Kirsch, PJ Philander, Matthews Phosa, Casper Schmidt, Barend Toerien, Danie Marais, Carina van der Walt, Hilda Smits, Gerrie Terblanche.

**Universiteit van Johannesburg**

[kdewet@uj.ac.za](mailto:kdewet@uj.ac.za)

---

**Małgorzata Drwal:**

**Een vertaalde tekst en een vertaalde ideologie: De Amerikaanse Jezus-socialist in Zuid-Afrika. *Hulle Noem my Timmerman* van Upton Sinclair in het vakbondstijdschrift *Die Klerewerker/The Garment Worker***

Het tweetalige vakbondstijdschrift *Die Klerewerker/The Garment Worker* bied een interessant inzicht in de processen van modernisering van samenleving die in de jaren dertig en veertig van de 20e eeuw hebben plaatsgevonden. Het tijdschrift vormde een platform waar activisten hun progressieve ideeën verspreidden en er vaak een literaire vorm aan gaven. Het publiek bestond uit werksters uit textiel fabrieken, die het socialisme als een vreemde ideologie beschouwden. Naast verslagen van vergaderingen en opinieartikels stonden er in het blad ook maatschappelijk betrokken verhalen, dialogen, toneelstukken en gedichten. De meeste waren oorspronkelijke teksten van vakbondsleden geschreven in het Afrikaans of in het Engels, maar sommige waren vertalingen.

In 1941 verskyn er in afleverings die Amerikaanse roman van Upton Sinclair *They Call me Carpenter (Hulle Noem my Timmerman)*. Dele tekst bevat een kommentaar op die ekononiese situasie in Amerika in die jare twintig. Daarnaast word er ook filosofiese owerwegings ower die menselike natuur ingelast. Door het plaatsen van dele vertaling in het tijdschrift heeft Hester Cornelius, die auteur van die Afrikaanse versie, verwezen naar parallelen tussen die situasie in Amerika en in Zuid-Afrika, waarmee ze die buitenlandse ideologie van het socialisme bij fabriekwerksters trachtte te introduceren. De politieke boodskap word in die tekst heel effectief gecommuniceerd. De link tussen het christendom en het socialisme word benadrukt dankzij die personage van Jezus die tijdens zijn wandeling door een moderne stad met verschillende wantoestanden word geconfronteerd.

**Adam Mickiewicz Universiteit, Poznań**

[malgorzata.drwal@gmail.com](mailto:malgorzata.drwal@gmail.com)

---

**Anné Engelbrecht:**

**Die problematiek van die vertaling van aanspreekvorme in Afrikaans aan die hand van Alan Paton se *Cry, the beloved country***

Aanspreekvorme is simbole van sosiale strukture, daarom word status (gelykheid, al dan nie) en respek in die meeste tale deur middel van die gebruik van aanspreekvorme aangedui. In Afrikaans is dit ook die geval (Bosman en Otto 2015). Ponelis (1979:35) stel dit dat aanspreekvorme die verhouding tussen die gespreksgenote struktureer. Die asimmetriese magstatus wat tydens die apartheidsjare tussen wit en swart geheers het, is in die gebruik van aanspreekvorme weerspieël. Hierdie aspek, en die feit dat Engels slegs van die informele aanspreekvorm *you* gebruikmaak (Ribbens 2004:343), skep 'n groot uitdaging aan literêre vertalers wat uit Engels in Afrikaans vertaal (Baker 2011:108).

In 'n onlangse meestersgraadverhandeling getiteld "n Teoretiese gefundeerde, geannoteerde Afrikaanse vertaling van Alan Paton se roman *Cry, the beloved country*" (Brümmer 2015), kom hierdie probleem, onder andere, aan die lig. *Cry, the beloved country* (1948) was die eerste Suid-Afrikaanse roman wat die politieke situasie in Suid-Afrika in die 1940's van nader bekyk het. In dié roman, wat oor die onreg en gevare van 'n apartheidsamelewing handel, reis die leser saam met Stephan Kumalo, 'n umfundisi (eerwaarde), van 'n klein dorp in Natal na, en deur, Johannesburg. In sy soeke na sy seun ontmoet Kumalo verskeie mense tydens sy reis: sommige slegs een keer, maar met ander raak hy bevriend. Hoe bewerkstellig 'n mens, in die Afrikaanse vertaling, die oorgang van

u na jy soos bekendheid tussen die karakters toeneem, veral wanneer dié aspek nie in die bronteks óf -taal voorkom nie?

**Universiteit van Suid-Afrika**

[engela@unisa.ac.za](mailto:engela@unisa.ac.za)

---

**Hans Ester:**

### **Hermeneutiek en vertaalkunde as tweelingsusters**

Die Duitse teoloog en filosoof Friedrich Schleiermacher (1768 – 1834) word algemeen beskou as die vader van die moderne *hermeneutiek* en van die vertaalwetenskap. Voorgangers op die gebied van die refleksie op vertaling het verdienstelike werk gelewer. Ons kan byvoorbeeld dink aan die pragtige teks wat Luther ter verdediging van sy vertaalkeuses by die vertaling van die Bybel gepubliseer het. Schleiermacher egter het die besinning op vertaal en vertaling met die algemene vraagstuk van begryp en verstaan verbind. Daarom geld hy in handboeke as die eerste teoretikus in verband met vertaal.

By Schleiermacher se besinning op die aard van *vertaal* en *vertaling* draai die argumentasie om die vraag hoe die *vreemde* van die bronteks in een vreemde taal vir die mens wat na kennis van die vreemde verlang tot vertrouwd en naby getransformeer kan word. Die konteks van die Romantiek was ongetwyfeld van belang by Schleiermacher se vraag na die voorwaardes en moontlikhede van die *verstaan* tussen individuele mense of tussen die mens en die geskiedenis. In sy teorie van die hermeneutiek gee Schleiermacher 'n verduideliking van sy denkpatroon. Daarvan is die sogenaamde “hermeneutiese sirkel” nog altyd 'n bekende begrip.

By Schleiermacher hang die vertaalfilosofie, die hermeneutiek en die dialektiek (sy wetenskapsopvatting) nou saam. Teen hierdie agtergrond kan ons begryp hoe tydens die tweede helfte van die neëntiende eeu uit sy gedagtes die grondslag van die geesteswetenskap teenoor die natuurwetenskap ontstaan het.

In die twintigste eeu was dit Hans-Georg Gadamer wat baie vrugbaar bygedra het tot die teorie van die hermeneutiek. In my lesing sal ek op Gadamer se kritiek op Schleiermacher ingaan. Die filosoof Jürgen Habermas sal as kritikus van Gadamer aandag kry. Daarna wil ek die vraag stel, hoe die huidige vyandigheid tussen die poststrukturalisme en die hermeneutiek verklaar kan word. Ten slotte sal ek probeer om aan te toon waarom elke wetenskapsbeoefening en elke vertaalaktiwiteit met kennis van die hermeneutiek behoort te begin.

**Franci Greyling:**

**Plekspesifieke digitale literatuur: Samespel en wisselwerking in nuwe kontekste**

Die digitale omgewing en media word onder andere gekenmerk deur voortdurende tegnologiese vernuwing, die vervaging van grense, diverse tegniese prosesse, die ontstaan van nuwe kulturele vorme, en verdiepte (immersive) ervarings. Gepaardgaande hiermee ontstaan die behoefte om die ontwikkelende vorme en praktyke in die dinamiese omgewing te ondersoek en te “vertaal”. Die konvergensie van die selfone en lokatiewe tegnologie bied byvoorbeeld die moontlikheid om ’n spesifieke ligging met die onbegrensde kuberruim te verbind, en om *plekspesifieke digitale literatuur* te kan skep en sodoende ’n konkrete plekspesifieke leeservaring te kan bewerkstellig.

Ten einde die moontlikhede van digitale literatuur te verken, is ’n interdisiplinêre praktykgebaseerde kreatiewe en navorsingsruimte tot stand gebring. In *Byderhand 2015*, wat as deel van die woordkunsprogram by Clover Aardklop Nasionale Kunstefees aangebied is, is skrywers met ’n Potchefstroomverbintenis genooi om werk te skep wat met die dorp verband hou en wat op die plek self gelees of ervaar kan word. Die produksie en verspreiding van die werk – wat verskeie genres, formate, kombinasie van media, en teikengroepe ingesluit het – kan as ’n eksperimentele publikasiesisteem beskou word. Die projek het uit vier subprojekte bestaan, naamlik gedigte en kinderverse in die Botaniese Tuin, kortverhale en kinderstories in die Boeke-oase, ’n tienerverhaal by die Hoër Tegniese Skool en strokies op die feespindelroete. Besoekers het deur middel van selfone of tablette en via QR-kodes toegang tot die multimodale werk gekry. N.a.v. die praktiese ervaring met die projek is ’n ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur saamgestel. Dié ensemble kan gebruik word vir die skep, verstaan en analise van plekspesifieke digitale literatuur, en bied ook toepassingsmoontlikhede vir ander vorme van digitale en multimodale literatuur. In die referaat word gefokus op die samespel en wisselwerking in die Byderhandprojek asook in die ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur.

**Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

[Franci.Greyling@nwu.ac.za](mailto:Franci.Greyling@nwu.ac.za)

---

**Thys Human:**

### **“Die Wonderboom-ekspedisie”:** Lien Botha se Wonderboom as kritiese distopie

In Wilma Stockenström se *Die kremetartekspedisie* (1981) vertrek die anonieme ek-verteller saam met haar geliefde “vreemdeling” op ’n ekspedisie na “die stad van rooskwarts” wat êrens onbereikbaar in die rooi woestyn lê. Van hierdie utopiese ideaal om ’n Vigiti Magna of Ryk van Monomotapa te ontdek waar “suiwer geluksaligheid” bestaan, kom daar egter niks: die slawe en die oudste seun verdwyn een nag en die vreemdeling word die prooi van ’n krokodil. Uiteindelik vind die ek-verteller ’n “genadige herberg” in ’n kremetartboom, vanwaar sy tydens haar laaste dae lewendige verbeeldingsvlugte onderneem.

Magriet Vos, die hoofkarakter in Lien Botha se debuutroman *Wonderboom* (2015), onderneem ook ’n tipe ekspedisie wanneer sy uit die Wes-Kaap na haar laaste familie aan die voet van die Magaliesberg vlug voor die groot vergeet oor haar toesak. Hierdie lewensgevaarlike tog is nie net ’n reis in belang van oorlewing nie, maar ook ’n onstellende herontdekking van ’n land op die rand van algehele verval. In hierdie opsig kan Botha se roman dus teen die agtergrond van die sogenaamde distopiese literatuur in Afrikaans gelees word, maar dan as interessante en welkome vroulike (feministiese?) bydrae tot die genre.<sup>1</sup>

Deur pertinent te fokus op die gesprek wat Botha se *Wonderboom* met Stockenström se *Die kremetartekspedisie* aanknoop, word daar in hierdie referaat veral gefokus op die bydrae wat *Wonderboom* (met elemente van die negatiewe utopie, utopiese satire en anti-utopie) tot die sogenaamde distopiese literatuur in Afrikaans lewer. Spesifieke aandag word gegee aan die wyse waarop Botha se roman met dié van (manlike) skrywers soos P.J Haasbroek, Koos Kombuis, Jaco Botha en Eben Venter ooreenstem en verskil.

**Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

[Thys.Human@nwu.ac.za](mailto:Thys.Human@nwu.ac.za)

---

<sup>1</sup> In haar proefskrif getiteld “Distopiese toekomsromans in die Afrikaanse literatuur ná 1990” wys Barendse (2013:352) daarop dat hoewel hedendaagse internasionale distopiese literatuur ’n sterk feministiese inslag vertoon, die Afrikaanse distopiese toekomsromans wat tussen 1990 en 2013 (die inhandigingsdatum van haar proefskrif) verskyn het, almal geskryf is “deur wit Afrikaanse manlike skrywers, ... [met] wit manlike hoofkarakters.”

**Marian Human-Nel:**

**Fiksionele wêreld as moontlike wêreld en hul verhouding met die aktuele wêreld: Is versoening moontlik deur die onderrig van Afrikaanse letterkunde?**

“Ek sal die Wit Afrikaner haat tot die dag dat hy uitgesteef het!”

Hierdie uiting word aangetref in die alombekende Dalene Matthee kortverhaal, “Die Judasbok”. Dit is waarskynlik al die afgelope aantal jare deur derduisende (Afrikaanse) lesers gelees en sal in die toekoms (hopelik) ook nog deur duisende gelees word. Die vraag ontstaan egter: Watter leserreaksie kan verwag word indien hierdie leser ’n nie-moedertaalsprekende studente van Afrikaans is? Hoe benader ek as dosent sodanige teks waar die klassamestelling van hierdie studente 50% Zulu en 50% Sotho is?

By die onderrig van letterkunde aan Afrikaans nie-moedertaalsprekers (of as addisionele taal) word daar verskeie uitkomstige gestel; waar die laaste uitkomst gewoonlik dui op een of ander emosioneel gelaide wens – hoop of doelwit wat gewoonlik soos volg bewoord word: *By die onderrig van letterkunde word daar gepoog om deur die lees en bestudering van die voorgeskrewe tekste die student te lei tot die ontwikkeling van ’n liefde vir die taal (waar die taal Afrikaans hier gewoonlik gekoppel word aan die Afrikaner as kulturele groep).*

Hierdie gestelde doelwit het duidelik ’n veel meer pragmatiese as literêre doelstelling. Maar kan "liefde" vir Afrikaans as doelwit hoegenaamd verwesenlik word, veral wanneer die voorgeskrewe tekste óf rasperjoratiewe bevat óf uitings soos die bostaande? Is dit veiliger om weg te stuur van so 'n benadering en eerder te fokus op 'n formalistiese, teksgerigte benadering? Of: Behoort letterkunde-onderrig (aan vreemdtaalsprekers) as 'n uitdaging gesien te word waardeur ook stereotipes vernietig word en (rasse)versoening die doelwit is? In die voorgestelde lesing gaan 'n saak daarvoor uitgemaak word dat die (fiksionele) wêreld van die teks doelbewus in verband gebring moet word (en selfs gekonfronteer moet word) met die aktuele wêreld. Slegs daaruit kan begrip en gevolglik versoening spruit.

**Universiteit van die Vrystaat, Qwaqwa-kampus**

[HumanNelMJ@ufs.ac.za](mailto:HumanNelMJ@ufs.ac.za)

---

**Jo-Riëtte Jacobs:**

### **Vergelykende perspektiewe op die uitdagings van Afrikaanse *littérature engagée*: Die 1970's en die vroeë 21ste eeu**

In dié referaat word daar 'n vergelyking getref tussen die retoriese strategieë wat deur betrokke skrywers in die sewentigerjare van die vorige eeu en eietydse Afrikaanse prosaskrywers van betrokke literatuur (2000-2016) aangewend word. Die interessante verskynsel dat dit tans veral sogenaamde “genrefiksie” (en spesifiek die speur- en misdadriller) in Afrikaans is wat beskou word as betrokke literatuur (*littérature engagée*), word krities onder die loep geneem.

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat daar tans, soos in die sewentigerjare van die vorige eeu, sprake is van 'n bepaalde krisistydperk in die Suid-Afrikaanse samelewing in dié opsig dat universele waarhede soos vryheid en geregtigheid ernstig ondermyn word (Chapman, 1996:79). Brink (2010) wys daarop dat een van die hoofmerke van betrokke prosa (*littérature engagée*) juis die verdediging van vryheid en geregtigheid is (veral wanneer hierdie waardes onder beleg staan).

Ongeag die era waarin hy/sy skryf, rig die betrokke skrywer 'n doelgerigte dog subtiele appèl tot die leser om (vrywillig) by die verdediging van vryheid betrokke te raak, met die gevolg dat 'n dialektiese verhouding tussen die skrywer en die leser tot stand kom.

Deur onder andere te verwys na romans soos *Droë Wit Seisoen* (1979) deur André P. Brink, *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978) deur Elsa Joubert, *Donkermaan* deur André P. Brink (2000) en *Miskruier* (2005) deur Jaco Botha word spesifieke aandag gegee aan die uitdagings wat die negatiewe apartheidstigma wat steeds aan Afrikaans kleef, die belangrikheid van politieke korrektheid en die obsessie met 'n versoenende ingesteldheid aan eietydse betrokke skrywers stel, asook die invloed wat dit uitoefen op die retoriese strategieë waarvan hulle gebruik maak.

**Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

[joriettej@gmail.com](mailto:joriettej@gmail.com)

---

**Ihette Jacobs:**

### **Die “ver-taling” van die self: Struikelblokke in die totstandkoming en interpretasie van outobiografiese poësie**

Die outobiografiese teks kan in op verskeie wyses in verband gebring word met die kongrestema, “Die Afrikaanse letterkunde en ‘vertaling’”. In hierdie referaat

word daar gefokus op die outobiografiese teks as “ver-taling” van die self, om die self tot taal en teks te maak. Die outobiografiese self herskryf homself/haarself en sy/haar verlede tot ’n outobiografiese teks en hiermee gaan bepaalde problematiek gepaard. Van dié struikelblokke is onder meer die onvolledigheid en onbetroubaarheid van die herinnering, die outobiograaf se huidige persepsie van die self en die konteks waarbinne die self bestaan, asook die subjektiwiteit van die leser. Die leser as interpreteerder is ’n verdere “vertaler” van die outobiografiese teks en die tekstuele self van die outobiograaf.

In die artikel “A Kind of Authentic Lie: Authenticity and the Lyric Sequence in Gwyneth Lewis’s English-language Poetry” betrek Entwistle (2009:32) die problematiek van die rol van die leser tot die interpretasie van spesifiek outobiografiese liriese poësie wanneer sy beklemtoon dat hierdie vorm van poësie, en by implikasie enige poëtiese teks, besondere druk op die leser uitoefen. Volgens haar is die teks afhanklik – vir die voortbestaan, identiteit en poëtiese en konseptuele geldigheid daarvan – van ’n leser wat deur die teks gebring kan word tot in ’n posisie van (self)bewuste, hermeneutiese deelname in die outeurskap, die vorming van narratiewe en die produksie van “waarhede” uit die teks.

Die bespreking handel in essensie oor bepaalde struikelblokke wat die totstandkoming en interpretasie van outobiografiese tekste, in die besonder outobiografiese poësie, inhou. Dit behels ’n voorlopige teoretiese verkenning wat gepaard sal gaan met enkele verwysings na die Afrikaanse poësie van vrouedigters as toeliggende voorbeelde.

## **Universiteit van die Vrystaat**

[Jacobs1@ufs.ac.za](mailto:Jacobs1@ufs.ac.za)

---

**Lisetta Jacobs:**

### **E.K.M. Dido se prosawerke: “hoog” of “laag”?**

In hierdie referaat word vanuit die siening dat die kanoniseringsproses teenswoordig nie as vasstaande beskou kan word nie, aangetoon dat E.K.M. Dido se prosawerke óf as “hoë” óf “lae” literatuur kan geld. Binne Dirk de Geest se funksionele sisteemteorie en diskursiewe raamwerk en uitgaande van bepaalde gekodifiseerde uitsprake van literêre kritici sou sommige van haar prosawerke wat tradisioneel as “nie-gekanoniseerde” literatuur (“triviaalliteratuur”) geklassifiseer sou kon word, ook binne dieselfde tydsgewig as gekanoniseerde of “egte” geklassifiseer kan word. Dit geld veral prosawerke soos *Die storie van Monica Peters*, *’n Stringetjie blou krale*, *Die onsigbares* en *’n Ander Ek*. Hierteenoor kan aangetoon word dat sommige kritici se uitsprake oor

onder andere *Die storie van Monica Peters, Rugdraai en stilbly* en *Emma en Nella* waarskynlik eerder met die kenmerke van “triviaalliteratuur” verband hou. Dit word aanvaar dat genoemde prosawerke deur bepaalde literêre kritici eerder as “lae”/“populêre” literatuur geag word.

Die afleiding word ten besluite gemaak dat De Geest se diskursiewe raamwerk ruimte bied om die problematiese verhouding wat daar teenswoordig in die literatuurkritiek tussen “hoë” en “lae” literatuur bestaan, aan te toon.

## **Universiteit van Suid-Afrika**

[Jacobem@unisa.ac.za](mailto:Jacobem@unisa.ac.za)

---

### **Jerzy Koch:**

#### **Multatuli en Suid-Afrika**

Die resepsie van Multatuli (1820–1887) in Suid-Afrika vorm ’n baie besondere geval wat in talle opsigte afwyk van die manier waarop die outeur van *Max Havelaar* (1860) in ander lande ontvang is. Die tradisionele tegniese vertaalkwessies – soos keuse van vertaalde werke wat deur middel van vertaling toeganklik gemaak word of adekwaatheid van teksoplossings in die doeltaal – was in Suid-Afrika nie die probleem nie, aangesien die kennis van Nederlands, al dan nie passief, wyd versprei was. Daar is egter talle ander interessante faktore wat plaaslik bepaal het hoekom die Suid-Afrikaanse resepsie baie spesifiek was. Indien vertaling as bemiddeling tussen tale gesien word, dan veronderstel elke resepsie-aktiwiteit die bestaan van ’n groter geheel as net die verskuiwing oor die taalgrense. In die kulturele oordrag, daar waar geen vertaalaktiwiteit sensu stricto voorkom nie, in die proses van skakeling tussen kulture, sosiaal-politieke sisteme, mentaliteite of geestesinstellings dus, val ook die patroon op van meganiek wat tiperend is vir vertaling soos vervreemding, toe-eiening, reproduksie, ontlening, e.d.m.

Vertrekkende van ’n skets van Multatuli as skrywer, denker en koloniale kritikus bou ek voort op die reeds bestaande navorsing omtrent Multatuli-resepsie in die buiteland (Kolenberg 1971; Vanrusselt 1982; Andringa 2007; Engelbrecht 2011), daaronder ook in Suid-Afrika (Dekker 1930, 1934; Rompel 1937; Buning 1942; Heyns 1944; Van Zyl 1999, 2005, 2007, 2010), en op my eie ondersoek op hierdie gebied (Koch 1994, 1995, 2000). In my referaat behandel ek die algemene vraag hoe groot kennis oor Multatuli in Suid-Afrika kon wees, en gaan verder dieper in op enkele gevallestudies waarby ek ook die vraag vra in watter mate die Multatuli-assosiasies by kritici vergesel word deur Multatuli-inspirasies by skrywers. Die doel is om enkele aspekte van die ontvangs van Multatuli in Suid-Afrika onder die aandag te bring en tot konklusies te kom betreffende die

algemene tendense in die resepsie van hierdie Nederlandse skrywer in Suid-Afrika.

**Adam Mickiewicz Universiteit, Poznań**

**Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein**

[jkoch@wa.amu.edu.pl](mailto:jkoch@wa.amu.edu.pl)

---

**Karen Kuhn:**

**Visioene in wisselwerking vir 'n "ander vertaling": Brandt en Baba Vanga**

Vangelia Gushterova of Baba Vanga (*Ouma Vanga*) (1911-1996) was 'n Bulgaarse profeet wat wêreldwye roem verkry het deur die daarstelling van sommige van haar visioene. Die voorspelling van die 9/11 aanval en die vlugtelinge wat Europa in (veral) 2016 betree, het haar weer onlangs in die nuus besorg.

Die referaat ondersoek die nosie van wisselwerking tussen die gemarginaliseerde werke van Johanna Brandt (1876-1964) en die oorgeskrewe tekste van die blinde Baba Vanga. Brandt was 'n Suid-Afrikaanse propagandis, spioen, skrywer en profeet. Sy is op 18 November 1876 in Heidelberg, Transvaal gebore. Op 1 Desember 1916 waak Brandt langs haar moeder se sterfbed, toe 'n boodskapper aan haar verskyn en visioene aan haar openbaar. Sy voltooi eers in 1918 die boek: *Die Millennium*, een voorspelling wat oor die gebeure handel. Geen uitgewer was bereid om die boek te publiseer nie en sy het dit toe op eie koste onderneem. *The Paraclete or Coming World Mother* (ook self uitgegee) verskyn in 1939 wat verdere oortuigings weergee. Deur ooreenkomste in terme van; 'n roeping, fisiese en emosionele ervaring, 'n Boodskapper en boodskap, te identifiseer vorm daar 'n wisselwerking. 'n Wisselwerking tussen wêreldde, en 'n wisselwerking tussen tyd (profesie en manifestasie). Deur dié interaksie word daar 'n 'ander vertaling' of leeswyse van Brandt se gemarginaliseerde werke voorgestel.

**Adam Mickiewicz Universiteit, Poznań**

[karen.kuhn14@gmail.com](mailto:karen.kuhn14@gmail.com)

---

**Janien Linde:**

**“Wat sou hulle makeer het, daardie brakke? om weg te dros...”: Coenraad de Buys, Harry Haller en Peter Blum**

Harry Haller, die hoofkarakter in Hermann Hesse se roman *Der Steppenwolf* (1927), het alles geleer van wat 'n mens kan en behoort te wees, maar hy is steeds nie gelukkig nie. Die rede daarvoor is dat hy eintlik 'n wolf in 'n mens se lyf is: “Steppewolf”. Aan sy vriendin Hermine vertel hy wat hom gelukkig sal maak: 'n tipe vreugde waarvoor hy bereid sal wees om te sterf en wat gesetel is in wat Hermine “the eternal” of “the kingdom of truth” noem, dit wat groots en ewig is. Nie beroemdheid of moraliteit nie, maar dit wat die basiese dryfkrag van die mens is. Nietzsche het dit *der Wille zur Macht* (“the will to power”) genoem.

Die wolf-mens-dualiteit wat Harry Haller in sy lewe ervaar het en wat ook in die Steppewolf van die Afrikaanse letterkunde, Peter Blum, se lewe bespeur kan word, is te sien in die karakter Coenraad de Buys in Willem Anker se roman *Buys: 'n grensroman* (2014). In die wolf- of hondmotief in Buys is 'n inherente dualiteit geleë: wolwe is terselfdertyd onversadigbare wreedaards wat moor en verskeur, maar ook intelligente, inherent sosiale soogdiere wat op hul eie weerloos kan wees en vir wie familiebande, lojaliteit en die uitbrei van hul territorium belangrik is. Nog 'n dualiteit wat in die Buys-karakter bespeur kan word, is hoër ambisies (beskawing) teenoor instink (barbaarsheid). In my referaat wil ek die vraag rondom die enigmatiese Coenraad de Buys se *der Wille zur Macht* bestudeer. Met Harry Haller en Peter Blum as intertekste wil ek uit die teks ondersoek instel na die moontlike basiese dryfkrag in die gefiksionaliseerde Buys-karakter se lewe.

**Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

[Janien.Linde@nwu.ac.za](mailto:Janien.Linde@nwu.ac.za)

---

**Sonja Loots:**

**“Die eensame buitevelde, ver van die magsentrums van die Afro-Nasionale Staat”: Spanning tussen die lokale en globale in Marlene van Niekerk se *Memorandum* (2006)**

In Van Niekerk se roman-oeuvre bring *Memorandum* bepaalde koersveranderings teweeg. Die uitbeelding van Frederikus Wiid as letterlike en metaforiese erfgenaam dien as vertrekpunt vir 'n bespreking oor die aard en betekenis van hierdie koersveranderings. Die wyse waarop Wiid verskil van Lambert Benade en Agaat Lourier, die erfgename in van Niekerk se vorige romans, word uitgelig as een van die maniere waarop die rol van die familie, wat in *Triomf* (1994) en *Agaat* sentraal gestaan het, in *Memorandum* op die

agtergrond gedwing word. Dat die rol van die familie ingeneem word deur vreemdelinge wat “soos familie” is, word gelees as kommentaar op die posisie van ’n Afrikaanse skrywer in internasionale literêre konteks. Die referaat doen aan die hand dat *Memorandum* gelees kan word as ’n poging om weg te staan van die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse familie-erfenisse, maar dat dié gebaar ook geproblematiseer word, met die gevolg dat ’n produktiewe spanning heers tussen die waarde van die lokale teenoor die globale.

**Universiteit van Kaapstad**

[sonja.loots@uct.ac.za](mailto:sonja.loots@uct.ac.za)

---

**Susann Marais:**

### **Die uitbeelding van die vrou in *Huisgenoot* in 1963 en 2013: ’n Multimodale diskoersanalise**

McRobbie (1994:17) se standpunt dat die mens en die media in ’n verhouding van wedersydse beïnvloeding staan, geld as uitgangspunt vir hierdie studie. Viljoen en Viljoen (2005:90) wat die verband tussen tydskrifte en vroulikheid bestudeer, deur die kulturele konseptualisering van vroulikheid in twee *Huisgenoot*-uitgawes (1953 en 2003) te ondersoek, dien as spesifieke stimulus vir my studie. My studie het ten doel om te bepaal of daar ’n verskil is in die uitbeelding van die vrou in *Huisgenoot* van onderskeidelik 1963 en 2013.

Alhoewel twaalf tekste (twee artikels, kortverhale en advertensies uit elke tydperk) in my magistertesis geanaliseer is, betrek die referaat slegs een artikel uit elke tydperk. In elke artikel word beide beeld en teks geanaliseer, in ooreenstemming met Kress en Van Leeuwen (2001:46) se standpunt dat die twee modusse saamwerk om sodoende ’n beeld of boodskap oor te dra. Royce (2007) se metode van intersemiotiese komplementariteit binne multimodale diskoersanalise (MDA) word in hierdie studie gebruik omdat sy metode ’n ideale raamwerk is om twee modusse (visuele beeld en teks) saam te bestudeer.

Royce (2007) se metode bestaan uit drie stappe, naamlik die identifikasie van die deelnemers, hul kenmerke, aktiwiteite en omstandighede in die visuele komponent, tweedens die gebruik van betekenisverhoudings om bogenoemde elemente in die geskrewe teks uit te lig en derdens die bepaalde boodskap (hier die beeld van die vrou) te beskryf. Die studie kom tot die gevolgtrekking dat die uitbeelding van die ideale vrou uitgebrei het, omdat die aanvanklike beeld uit die vrou in die huwelik en moeder bestaan. Die uitbeelding van die vrou in 2013 word uitgebrei deur die domein van die beroepswêreld in te sluit, maar die vrou se rol tóg tot sekere ruimtes te **beperk, soos die sigbaarheid van genderstereotipes weerspieël.**

**Anelda Marx:**

**Met die oog op voëls in *Kaar* (2013) deur Marlene van Niekerk**

My MA-studie, *Uiteenlopende visies op diere in Marlene van Niekerk se Kaar* (2013), fokus op die 'n boeiende aspek van die eietydse Afrikaanse poësie, naamlik die terugkerende ekologiese blik op die omgewing en spesifiek op diere. Deur die dieregedigte in *Kaar* te ontleed en te interpreteer, sal 'n gaping in die bestaande kennis oor hierdie bundel gevul word, want tans is beperkte navorsing oor hierdie onderwerp gedoen.

My referaat handel oor een van die hoofstukke van my MA-studie. Die fokus is om te bepaal waarom die voëls in die bundel geobserveer word, sowel as die wyse waarop voëls geobserveer word. Die doel hiermee is om uiteindelik duidelikheid te kry oor die verhouding wat voorkom tussen mens en dier. Verder sal daar bepaal word of daar enige ooreenstemminge is wat voorkom tussen die voëls wat voorkom in die gekose gedigte.

Die gedigte wat van belang is vir die referaat is "Postmoderne hadeda", "Wintervink", "Visioen", "Besoekeer", "Tyto alba", "Die valk" en "Sewe klein variasies op wintertuin". Siende dat daar beperkte tyd is sal die verskillende gedigte nie in diepte bespreek kan word nie, maar eerder bespreek word as 'n geheel.

Die voëls wat in die bogenoemde gedigte voorkom gaan ek kortliks uit 'n ornitologiese oogpunt bespreek deur gebruik te maak hoofsaaklik van *Die Natuurlewe*, deur Vincent Carruthers (2008) en ander bronne.

**Universiteit van Stellenbosch**

[aneldamarx@yahoo.com](mailto:aneldamarx@yahoo.com)

---

**Elsa Meihuizen:**

**Die DNS-string van die woord: Transponering in die gedigte van Cas Vos**

Met spesifieke verwysing na die twee bundels *Weerloos lewe* (2012) en *Voorbode* (2015) word daar in hierdie referaat geargumenteer dat die essensie van Cas Vos se digkuns lê in die besondere wyse waarop hy daarin slaag om gegewens digterlik by mekaar te betrek in 'n intellektuele gesprek sodat die

besondere gegewe enersyds verryk, maar ook gerelativeer word. Die wye spektrum van gegewe wat betrek word, sluit in: geskrewe tekste van alle soorte; kunswerke in alle moontlike mediums; die lewens of lewensbeskouings van kunstenaars, bekendes en persoonlike kennisse of familie; persoonlike ervarings; en ook sy eie vroeëre gedigte. Teen die agtergrond van hierdie intellektuele landskap is die individuele teks oopgestel aan 'n ketting van moontlike aanvullings, inspelings, uitbreidings, herinterpretasies, herformulerings, transposisies. So 'n semiotiese spel van betekening is natuurlik 'n basiese kenmerk van taal en veral van die taalkunswerk, maar hierdie proses word in Vos se gedigte deurlopend op die voorgrond geplaas, sigbaar gemaak. Die woordkunswerk word die beliggaming van die skeppende woord wat, soos alle ander prosesse van lewe, telkens weer 'n nuwe begin soek en vind. Hoewel nie alle transponerings in Vos se werk geslaagd is nie, en enkele gedigte of bundels as geheel reeds in kritiese beskouings afgemaak is as “afgeleide poësie”, “geleende vere” of “herskrywing”, kan 'n saak daarvoor uitgemaak word dat juis in hierdie werkswyse Vos 'n belangrike stem in die Afrikaanse poësie verteenwoordig.

## **Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

[Elsa.Meihuizen@nwu.ac.za](mailto:Elsa.Meihuizen@nwu.ac.za)

---

**Susan Meyer:**

### **Natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem: 'n Onderzoek na *Boomkastele: 'n sprokie vir 'n stadsmens* (Schalk Schoombie)**

In onlangse navorsing deur David Barnhill van die Universiteit van Wisconsin, Oshkosh (VSA), word 'n nuwe benadering tot natuurgesentreerde skryfwerk voor-gestel. Sy navorsing dui eerstens aan dat daar in die beskrywing van die aard van natuurgesentreerde skryfwerk hoofsaaklik gesteun word op sisteme van klassi-fikasie. Barnhill wys egter op nadele in die taksonomie-benadering en stel voor dat 'n spesifieke natuurgesentreerde woordwerk beskou word as 'n ekosisteem. Daarmee word bedoel dat die kategorieë waarin natuurgerigte skryfwerk geplaas word wanneer die taksonomie-benadering gevolg word, veelvoudige elemente word in individuele werke en dat hierdie elemente binne elke teks saam- of op mekaar inwerk, soos die organismes in 'n ekosisteem.

In hierdie ondersoek word Barnhill se teoretiese gereedskap getoets. Schalk Schoombie se debuutroman, *Boomkastele: 'n sprokie van 'n stadsmens* (2015), word bestudeer vanuit die hipotetiese uitgangspunt dat die teks 'n ekosisteem is ten opsigte van die karakteristieke elemente van natuurgesentreerde skryfwerk daarin. Dit word gedoen met die doel om die interne kompleksiteit en diversiteit van die roman te onleed en om sodoende tot 'n genuanseerde

beskrywing daarvan te kom. Verskillende elemente wat aan natuurgesentreerde skryfwerk sy unieke aard gee, word in *Boomkastele* geïdentifiseer. Die besonderhede omtrent hierdie elemente word verken, hoe die interaktiewe samehang tussen hulle daar uitsien, hoe elk daarvan ontwikkel en met sekere ander elemente geïntegreer word, sodat die beeld van 'n ekosisteem uit die roman te voorskyn tree. Uit die toepassing van Barnhill se benadering vloei 'n verskerpte bewustheid van die aard van natuurgerigte skryfwerk asook waardering vir *Boomkastele* as 'n ryk geskakeerde roman.

**Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

[Meyer.Susan@nwu.ac.za](mailto:Meyer.Susan@nwu.ac.za)

---

**Annika Mouton:**

**Verset in Marlene van Niekerk se historiografiese metapoësie in *Kaar***

Marlene van Niekerk se eerste digbundel in dertig jaar, *Kaar* (2013), is in 2014 met die Hertzogprys vir poësie bekroon.

Van Niekerk tree met hierdie bundel in gesprek met Suid-Afrika. *Kaar* betrek onder andere die diskoers van verset in afdelings "VI" en "VII". In VI vind die gesprek vanuit 'n emigrante-posisie plaas deur besinnings oor die digterlike rol ten opsigte van aktualiteite in Suid-Afrika. In VII tree Van Niekerk in gesprek met die gebeurtenisse en ideologieë in Suid-Afrika deur elemente wat in koerantberigte gedek is, te herskryf, of vertaal. Van Niekerk skryf sodoende faksionele gedigte (n vermenging van fiksionele en feitlike) deur bepaalde "historiese" gegewens of werklike gebeurtenisse te gebruik soos gedokumenteer in primêre bronne soos koerantartikels.

Hierdie referaat word gevolglik gemik om die klassifisering van enkele gedigte uit hierdie afdelings as Historiografiese Metafiksie te regverdig en die effek wat hierdie klassifikasie inhou vir 'n analise van verset en die besinning oor die rol van die digter in gesprek met die ideologiese diskoerse in die Suid-Afrikaanse samelewing, te ondersoek. Verder word die rol van die digter ten opsigte van politieke betrokkenheid bestudeer na aanleiding van vertrekpunte en probleemstellings wat Van Niekerk in hierdie verband alreeds in *Die sneeuslaper* (2010) maak:

Fiksie [...] kan ons nie meer troos nie. Die verskrikkinge van ons vaderland ontnem die verhalende verbeelding haar wil, haar wilskrag. Mens kan niks meer uitdink nie. Brutaliteite moet ons daarom word, feiteversamelaars, nie meer storievertellers nie, eerder argivarisse van die onvoorstelbare brutaliteite van die land.

**Adéle Nel:**

**Om wêrelde te verbeel(d): Tekstuele relasionaliteit in *Wonderboom* (Lien Botha)**

“*Wonderboom* is waarnatoe ek maar gewerk het. Ek sien dit nou. Die beeld en die teks het nou eers geswaelstert.” So verduidelik Lien Botha die tekstuele relasionaliteit in haar debuutroman *Wonderboom*. As invalshoek vir my referaat fokus ek op die verhouding tussen visuele beeldteks en geskrewe woordteks. Aan die begin van elke hoofstuk is daar ’n foto van ’n collage wat dien as visuele inleiding. Botha verwys in hierdie verband na die sogenaamde “image sequence” van die Britse fotograaf Eadweard Muybridge wat sy in die roman as ontbindende beeldsekwensie toepas. Muybridge het naamlik reekse foto’s ontwerp met die doel om *beweging* te “skryf”. Die collage wat deurlopend deel vorm van die literêre teks bestaan uit ’n versameling van verskillende fragmente; beelde van verafgeleë of vergane wêrelde wat ook “gelees” kan word as fragmente van die geheue (ou beelde) wat sy appropriëer in die hede, dus wêrelde *in* wêrelde. Die visuele vergestaltung van hierdie wêrelde word aangebied as verdwene (letterlik) van die een na die volgende, asof dit in die hede verskyn én verdwyn. Die gevolg is dat geheue (verlede) en verbeelding (toekoms) nie gelees word as binêre opposisies nie, maar eerder as vervlietende beelde. Daarby is die plekke van die verlede wat in die roman (her)besoek word nie langer werklik nie, maar by definisie verbeel. Dit kan dus bestempel word as *verbeelde wêrelde*. *Wonderboom* kan gevolglik gelees word binne ’n paradigma van mobiliteit. Boonop kan die roman beskryf word as ’n soektog – ’n geografiese reis wat die protagonis onderneem om haarself en haar oorsprong in *Wonderboom* te verken en te verreken. Sy reis deur verskeie wêrelde: benewens die konkrete reis deur verskillende streke van die land, reis sy innerlik deur die wêreld van herinneringe, sowel as die wêreld van die verbeelding.

**Noordwes-Universiteit, Vaaldriehoekcampus**

[Adele.Nel@nwu.ac.za](mailto:Adele.Nel@nwu.ac.za)

---

**Bernard Odendaal:**

## **Mediosferiese veranderings en die skryf en onderrig van digkuns**

Die oorgang van die “logosferiese” na die “grafosferiese” era (Debray, 2000) het algaande die onderskeidings in die hand gewerk wat dikwels steeds getref word tussen liedtekste en gedigte. Sedert die uitvinding van die boekdrukkuns het poësie naamlik algaande tot ’n woordkunsvorm ontwikkel waarvan die visuele aanbod (van teks op papier) sterk figureer in betekenisgeving en -onderskraging, terwyl liedtekste verreweg oorwegend vir ouditiewe waarneming bedoel gebly het (Pattison, 2009). Die konsekwensies van hierdie kernonderskeid was veelvoudig en betref komposisionele, stilistiese en semantiese aspekte. Bykomende gevolge was dat die digkuns steeds sterker geassosieer geraak het met “high art”, in teenstelling met die persepsie dat liedtekste as ’n manifestasie van “low art” te beskou is (Moser, 2007). In watter mate is sulke onderskeidings steeds geldig in die “videosferiese” tydperk wat ons betree het, ’n demokratiese wêreld wat toenemend gedomineer word deur die elektroniese media, en waarin podiumpoësie, multimedia-vertonings, nuwemedia- en video-digkuns op die voorgrond begin tree? En watter impak hou die ontwikkeling van digitale poësie in vir die poësiebeskouings wat oorheersend was in die skep en ontvangs van drukblad-digkuns? Die referent sal verslag lewer van sy ervarings en besinnings betreffende aspekte soos bogenoemde terwyl hy onderrig gee in die skryf van gedigte.

**Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)**

[bernard.odendaal@nwu.ac.za](mailto:bernard.odendaal@nwu.ac.za)

---

**Przemysław Paluszek:**

## **Tradisie en vernieuwing: Jerzy Kochs *A History of South African Literature: Afrikaans Literature 17th-19th Centuries* in de context van de vertaling**

*A History of South African literature: Afrikaans Literature 17th-19th Centuries*, geschreven door Jerzy Koch, verscheen begin 2005 in het Pools en werd dan later naar het Engels vertaald en in 2015 door Van Schaik gepubliceerd. Dit boek is een bijzonder letterkundig compendium, zowel binnen de Poolse literaire historiografie alsook voor de (Zuid-)Afrikaanse. Omdat literatuurgeschiedenis, zoals Koch dit in de inleiding formuleert (2015: 41), nooit “als zodanig” of als “algemene literatuurgeschiedenis” wordt geschreven maar altijd met het oog op een bepaalde groep ontvangers, kan één van de belangrijkste redenen waarom dit boek een aparte status inneemt, worden samengevat in de vraag: wie is de impliciete lezer daarvan? In Polen schijnen de (oud-)studenten van de auteur het lezerscorps te vormen, alhoewel het boek ook voor een lezer zonder

voorkennis van de Zuid-Afrikaanse geskiedenis en letterkunde gemakkelijk leesbaar en verstaanbaar kan zijn (de auteur noemt in de inleiding bv. studente van diverse tale, etnolinguïstiek of politicologie). Het laatstgenoemde word bereik deur o.a. deur de deur de auteur gemaakte parallele tussen Zuid-Afrika en Pole (hoe paradoxaal dit dan ook mag klinken).

In de vertaalde versie valt te lezen dat de struktuur en proporsies van de oorspronkelyke Poolse tekst in de Engelse editie werden behoude, d.w.z. ook de genoemde parallele, die voor de Zuid-Afrikaanse lezer op het eerste gezicht moeilik kunnen zijn en voor onnodige verwarring kunnen zorgen.

In deze bijdrage word er gepoogd juist het feit dat Kochs werk oorspronkelyk in het Pools werd gepubliseer en het Zuid-Afrikaanse publiek in vertaling heeft bereik als een vernieuwende faktor in de Zuid-Afrikaanse literairhistoriese tradisie te presenteren. Ten opsigte van de struktuur en proporsies zal Kochs kompendium kunnen word vergeleek met de qua tydperk (17de–19de eeu) relevante fragmente van de literatuurgeskiedenis geskrewe deur R. Antonissen (1946, 1955) en J.C. Kannemeyer (1984) of met andere oudere publikasies ower deze periode soals van F.C.L. Bosman (1928) of E. Conradie (1934, 1949). Aan de hand van een naastmekaarstelling en vergelyking word erop gewese dat de verplaatasing van aksente in het literairhistoriese narratief en het tonen van het eiege deur het vreemde (een strategie karakteristiek voor vertaalde tekste) in de op het eerste gezicht redundante parallele tussen Pole en Zuid-Afrika juist een meerwaarde aan dit boek verlenen.

**Johannes Paulus II Katholieke Universiteit Lublin**

**Universiteit van Wrocław**

[p.a.paluszek@gmail.com](mailto:p.a.paluszek@gmail.com)

---

**Alwyn Roux:**

**Die stryd tussen wêreld en aarde in Breyten Breytenbach se eilandgedigte**

In hierdie referaat word die stryd tussen “wêreld” en “aarde” in Breyten Breytenbach se eilandgedigte in *Nege landskappe* (1993) bestudeer. Martin Heidegger argumenteer in “The origin of the work of art” (2002:1-56) dat ’n kunswerk ’n besondere soort onthulling is en ’n stryd tussen wêreld en aarde blootlê. Wêreld kan beskryf word as ’n historiese, interpreteerbare kultuurruimte, terwyl aarde dit is waaruit wêreld na vore kom en na terugkeer. Wêreld en aarde is dus essensieel verskillend, maar nooit onafhanklik van mekaar nie: “World is grounded on earth, and earth rises up through world” (Heidegger, 2002:26). Die eilandgedigte in *Nege landskappe*, naamlik “eiland (1)” (NL 5-6), “eiland (2)” (NL 98-99) en “eiland (3)” (NL 172-174), onthul die stryd tussen wêreld en aarde op

veelvoudige wyses. In “eiland (1)” wys die spreker byvoorbeeld hoe “olyfbome ‘n duisend jaar oud” (3) “nie meer winsgewend” (8) is nie, en “vrugreste [...] die grond soos grys verstandtande” (9) “versande/ foneme of drooggekykte oogappels [oordek]” (10-11). Die landskap as “aarde” word hierdeur tot stand gebring as die sfeer van verskynende self-onttrekking: die wêreld van “olyfbome” aanplant en bewerk, word stadigaan in die aarde, as dit waaruit die wêreld oorspronklik na vore gekom het, teruggetrek. Deur die verse stip te lees, sal geïllustreer word op watter wyse Heidegger se insigte bydra tot die analise en interpretasie van wêreld en aarde soos dit in Breytenbach se eilandgedigte onthul word. Die begrip aarde sal dan ook uitgebrei en met die elemente van Heidegger se in vierskaar in “Bou, woon, dink” (1989:165-179) in verband gebring word.

**Universiteit van Suid-Afrika**

[erouxap@unisa.ac.za](mailto:erouxap@unisa.ac.za)

---

**Burgert Senekal:**

**Die samestelling van 'n digitale Afrikaanse kultuurdatabasis: Uitdagings en uitkomst**

Sedert 2012 is 'n aantal datastelle vir navorsingsdoeleindes saamgestel wat aspekte van die Afrikaanse letterkunde en filmbedryf dek. In 2015 is besluit om data vir die Afrikaanse letterkunde, film, toneel en musiek – wat so ver terugstrek as 1900 – meer omvattend saam te stel en te integreer, aangesien die oogmerk juis is om navorsing te bemiddel wat ondersoek instel na die raakpunte tussen hierdie subsysteme van die Afrikaanse kultuurbedryf. Tans bestaan die datastel uit meer as 25,000 rekords wat bydraes tot meer as 200 Afrikaanse films, om en by 4,000 Afrikaanse literêre werke, sowel as honderde Afrikaanse CD's en toneelproduksies insluit. In hierdie lesing rapporteer ek terug oor die vordering wat gemaak is en juis die uitkoms: die skepping van 'n interaktiewe platform wat gratis aanlyn beskikbaar is en enige persoon in staat stel om op 'n gebruikersvriendelike wyse met die datastel te skakel en raakpunte tussen verskillende komponente van die Afrikaanse kultuurbedryf te ondersoek.

**Universiteit van die Vrystaat**

[burgertsenekal@yahoo.co.uk](mailto:burgertsenekal@yahoo.co.uk)

---

**Lizelle Smit:**

**“[E]k, wat Hessie en ek is”: Hettie/Hessie of Maria/Marié?**

Hierdie referaat fokus op die ongewone ontwikkeling van Hettie Smit se skriftelike alter ego, Hessie. In briewe wat Smit geskryf het aan W.E.G. Louw en haar vriend Ulrich Gerryts gedurende die 1930's kom dit na vore dat Smit 'n geskepte self-karakter, Hessie, insluit in haar briefwisseling. Die Hessie-“inkpot” (19 Desember 1934) is 'n teks-gebonde alter ego wat ontstaan het na aanleiding van Smit se “outobiografiese” (8 November 1935) roman *Sy kom met die Sekelmaan* (1937). Wat na vore kom, is dat Hessie, soortgelyk aan die Marié-karakter in *Sy kom met die Sekelmaan*, aspekte van Smit se persoonlikheid verteenwoordig wat sy beskou as te sentimenteel en “onryp” (5 Augustus 1933) of as wispelturig en steeks (19 November 1933). Na die skryf van haar sogenaamde “kammabriewe” aan W.E.G. Louw (4 Junie 1934), wat sy afwisselend onderteken het as Hettie of Hessie, erken sy dat “die grens tussen werklikheid en skyn lankal verdwyn het” (10 Julie 1940) en sy nie meer kan onderskei tussen *haar* en Hessie se skrywery nie. Smit se korrespondensie lê ook haar senuweeagtige selfbewustheid, veroorsaak deur self-kritiek sowel as fel kritiek gelewer deur manlike lesers bloot (Gerryts, Louw, Drs Frasier & Malherbe) aangaande haar ongetemde en sogenaamd vroulike, emosioneel-belaaide “ek-gesentreerd[e]” verwoording van die liefde (Kannemeyer 463). Ek argumenteer dat Smit die Self oorspronklik in twee geskei het in haar briewe aan die twee mans om haar gevoel van onsekerheid te verskuif na Hessie en haar te blameer vir swakhede, veral met betrekking tot die belydenisse in verband met haar sielelewe (Kannemeyer 364). Verder stel ek voor dat 'n soortgelyke splitsing van die self in die briewe, sterk verband hou met die *Sekelmaan*-karakters, Maria en Marié.

**Universiteit van Stellenbosch**

[lkattekatte@gmail.com](mailto:lkattekatte@gmail.com)

---

**Carien Smith:**

**Verskuiwende paradigmas in die Afrikaanse Teater: Die Absurdisme, die Apokaliptiese en die verval van die menslike gesagstrukture. 'n Ondersoek van Tertius Kapp se *Oorsee* en Willem Anker se *Skrapnel***

Beide Tertius Kapp sowel as Willem Anker se dramas bevat eienskappe van die Absurdisme; vroeë rondom keuse, eiewil, aksie, en die verlies van absolute betekenis en sin in die lewe. In beide tekste is daar die verval van menslike gesagstrukture wat tot 'n eksistensiële krisis lei. Die absurditeit lê egter nie net op die menslike vlak nie, maar op 'n groter vlak en sluit die aarde en die natuur

in. Die insluiting van die aarde en die natuur sluit die menslike gesagstrukture uit, aangesien dit 'n absurditeit is wat op 'n vlak speel nadat die menslike gesagstrukture reeds verval het. Die tekste speel rondom (een of ander beskrywing van) 'n "apokalips" af; of dit in die proses van, voor, of ná die apokalips is. Hierdie kenmerkende eienskap dui op nuwe ontwikkelinge in die Afrikaanse teater, asook op ander terreine in die Afrikaanse literêre landskap. Tegnologie, die verbruikerskultuur en 'n verbruikerskulturbewussyn, vryheid en outentiekheid, vervreemding, die vervlakking van kennis en 'n fokus op taal, hibriditeit en identiteit, utopie en distopie, ekokritiek, en liminaliteit is eienskappe wat ondersoek kan word in hierdie nuwe bewegings binne die Afrikaanse teater.

**Universiteit van Fort Hare**

[smithcatharina23@gmail.com](mailto:smithcatharina23@gmail.com)

---

**Susan Smith:**

**Wêreld en teks: "Landskapverinniging" as poëtiese werkwyse. 'n Ondersoek na taalwêreld en reële wêreld aan die hand van die gedig "tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid" in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog**

Alle artistieke werk skarnier op die evokasie van verbeelde wêreldes wat 'n representasie toon, al dan nie, met die letterlike en fisiese of historiese omgewing. Dit bring die navorser by die punt waar daar gevra word wat die verhouding is tussen die wêreld van die teks en die wêreld van historiese of geleefde ervaring en plek.

Teoretici sien tekste van verwysing as refraksies van fisiese omgewings en menslike interaksie met hierdie omgewings, desnieteenstaande die kunstmatige eienskappe van die tekstuele representasie en mediasie deur ideologiese en ander sosiohistoriese faktore.

Teen hierdie agtergrond word daar in hierdie referaat gekyk na 'n Krog-gedig, die slotgedig in die bundel *Mede-wete* (2014) met die titel, "tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid", en spesifiek na die wyse waarop ingeplaasheid as een van die sentrale motiewe binne die gedig funksioneer, wat die verhouding tussen teks en werklikheid op die voorgrond plaas.

Benewens die ooglopende sentrale tema van mede-menslikheid, mededeelsaamheid en medemens-wees wat deur die bundeltitel en regdeur die bundel geaktiveer word en waarop ondersoeke na die teks tot nou toe oorwegend gefokus het, gebruik Krog die titel op 'n veelduidige wyse wat ook die niemenslike omgewing insluit, iets wat veral in hierdie gedig en afdeling werkklank vind.

Die ooglopende metatekstuele aard van hierdie afdeling en intense bemoeienis met taal word as werkwyse ingespan om “verinniging” in die hand te werk, nie net in die wete van die mede-mens nie maar ook van mede-wees in die landskap en natuurlike omgewing.

**Universiteit van Fort Hare**

[SSmith@ufh.ac.za](mailto:SSmith@ufh.ac.za)

---

**Marlies Taljard:**

### **Homeros: 'n Verjongingskuur in Afrikaans**

Daar het onlangs vertalings van dele van die *Ilias* (2014) en van die *Odusseia* (2016) deur Cas Vos verskyn. Wanneer 'n antieke primêre teks eeue en selfs millennia's later na 'n moderne taal vertaal word, kom verskeie vrae aan bod, byvoorbeeld: Wat was die doel van die vertaler? Hoe gaan die vertaler om met die primêre teks? en Is die primêre teks steeds in staat om 'n moderne gehoor aan te spreek?

Die doel van die bespreking is om 'n aanduiding te verskaf van die skopos van die vertalings van dele van die *Ilias* en die *Odusseia* soos dit deur Cas Vos na Afrikaans getransponeer is. Ek sal poog om rekenskap te gee van die wyse waarop die digter met die antieke tekste omgaan deur onder andere die verrekening van die nuwe konteks waarbinne die ou bekende gebeure geplaas word. Ek sal verder, met inagneming van die paratekste wat die vertalings vergesel, argumenteer dat die vertalings hoofsaaklik gerig is op 'n akademiese gehoor. In dié verband is dit belangrik om die metatekstuele gegewens te ontleed en te verreken. Ten slotte sal ek die vraag probeer beantwoord of die betrokke tekste steeds tot 'n moderne lesersgehoor kan spreek en sal aanpassings van die Homeriese taal en styl onder bespreking kom.

**Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

[Marlies.Taljard@nwu.ac.za](mailto:Marlies.Taljard@nwu.ac.za)

---

**Gerda Taljaard-Gilson:**

### **Meditasies in 'n begraaftplaas: 'n Verkenning van Afrikaanse grafdigters en kerkhofpoësie**

“Graveyard poetry” verwys na 'n digvorm wat sy ontstaan tydens die 18de eeu in Engeland gehad het en beoefen is deur sogenaamde “graveyard poets”.

“Graveyard poems” is somber, filosofiese bepeinsings oor die verganklikheid van die mens binne ’n begraafplaasmilieu. As voorloper van die Gotiese roman en die literatuur van die Romantiek (1789–1830), bevat hierdie gedigte, in teenstelling met die “gewone” elegie, dikwels grieselrige elemente soos skedels, uile, maaiers, maanlig en ’n huilende wind. Die bekendste voorbeelde van Graveyard poetry is Thomas Parnell se “Night-Piece on Death” (1721), Robert Blair se “The Grave” (1743) en Thomas Gray se “Elegy Written in a Country Churchyard” (1751).

In ongeveer dieselfde tydperk waarin dié digvorm in Engeland sy oorsprong gehad het, het soortgelyke gedigte met ooreenstemmende Gotiese trekke in Nederland, Duitsland, Frankryk en verskeie ander lande ontstaan. In Duits word daar gepraat van “Gräberpoesie”, in Frans van “la poésie des tombeaux” en in Nederlands van “kerkhofpoëzie”. In T.T. Cloete se Literêre terme en teorieë (1992) word daar geen melding gemaak van “kerkhofgedigte” of “grafdigters” nie. Nietemin is daar ’n hele aantal Afrikaanse gedigte wat aan die konvensies van hierdie digvorm voldoen, asook ’n hele paar Afrikaanse digters wat oor die dekades heen kerkhofpoësie geskryf het, byvoorbeeld C. Louis Leipoldt, Totius, D.J. Opperman, T.T. Cloete, Zandra Bezuidenhout, ensovoort.

In die eerste plek sal verskeie kerkhofgedigte (tradisioneel en modern) ontleed en vergelyk word. Tweedens sal daar tot die gevolgtrekking gekom word of daar wel Afrikaanse kerkhofgedigte bestaan. In die derde plek sal dit met die “gewone” elegie vergelyk word. Ten slotte sal ’n duideliker definisie vir “kerkhofpoësie” geformuleer word.

## **Universiteit van Suid-Afrika**

[taljagh@unisa.ac.za](mailto:taljagh@unisa.ac.za)

---

**Hennie van Coller:**

**Anthea van Jaarsveld:**

### **Domestikasie en vervreemding in die verfilming (1989) van *A dry white season* (1979) van André P. Brink**

Met hierdie referaat word van die standpunt uitgegaan dat die verfilming van ’n roman (net soos die interpretasie daarvan) ’n vorm van vertaling is. Daar word in hierdie voorgestelde lesing gekyk na moontlike teorieë wat gebruik kan word om hierdie besondere vorm van vertaling te beskryf en te evalueer. Onder andere sal daar verwys word na die Skopos-teorie van Christiane Nord (1991, 1997, 2001, 2014) en die teorie rondom *domestikasie* en *vervreemding* van Venuti (1995, 100/2012).

Die gevallestudie vir hierdie referaat is die verfilming van *’n Droë wit seisoen* van André P Brink. Daar word spesifiek gekyk na die wyse waarop die boek “vertaal” word na die film in ’n poging om die skopos vas te stel. Tonele waarin domestikasie en vervreemding ter sprake kom, word geïdentifiseer in ’n poging om te postuleer dat tekens (as semiotiese verwysings) ’n bepaalde konteks nodig het om gedekodeer te kan word. In hierdie verband word spesifiek verwys na die twee verskillende kontekste waarbinne die verfilming funksioneer nl. die Amerikaanse (met die Amerikaanse regisseur Euzhan Palcy, die akteurs Marlon Brando en Donald Sutherland en Amerikaanse MGM-produksie) en die Suid-Afrikaanse (omdat dit ’n (Suid-)Afrikaanse roman is).

Beide hierdie groepe dekodeer die gegewe verskillend wat bewys dat vertaling in die geval van *A dry white season*, ook op twee verskillende maniere funksioneer. Wat vanuit die een konteks gesien kan word as domestikasie, kan vanuit die ander gesien word as vervreemding en andersom – juis weens die twee verskillende kommunikatiewe situasies en semiotiese kontekste.

**Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

**Universiteit van die Vrystaat**

[vcollerh@ufs.ac.za](mailto:vcollerh@ufs.ac.za)

[vjaarsa@ufs.ac.za](mailto:vjaarsa@ufs.ac.za)

---

**Mariëtte van Graan:**

### **Tussen werklik onwerklike wêrelde: Magiese realisme en die paranormale wetenskap**

In hierdie referaat sal ek aantoon hoe die onwetenskaplike paranormale wetenskap gebruik kan word as ’n metanarratief vir die ontleding van magiese realistiese literêre tekste, spesifiek met betrekking tot spookkarakters. Beide die wêrelde van die magiese realisme en die paranormale wetenskap kan as werklik, onwerklik en/of fiktief werklik beskou word. In beide wêrelde staan die vertel van ’n verhaal sentraal (Van Graan, 2015). Hierdie vertelhandeling en die effek wat dit op die leser of aanhoorder kan hê, tesame met die neurologiese prosesse wat plaasvind tydens die tydelike opskorting van ongeloof (Holland, 2002), vervaag die grense tussen hierdie twee onwerklike wêrelde. Met verwysing na, onder andere, Botha (1990), Anker (2003), Alberts (2005), Broka (2012) en Brewer (2012) word beide hierdie wêrelde bespreek ten einde die oorvleuelings daartussen uit te lig en die paranormale wetenskap as ’n metanarratief te vestig.

Tussen die magies realistiese literatuur en die paranormale wetenskap word ook oorbrugging gevind oor die vervagende grense tussen die sogenaamde “high brow” wêreld van wetenskap en kuns (insluitende magies-realistiese literêre tekste) en die “low brow” wêreld van bygeloof (soos spookstories) en populêre kuns en kultuur (soos ontspanningsliteratuur) (Del Pilar Blanco & Peeren, 2010). Etienne van Heerden se roman *Die swye van Mario Salviati* (2000), wat as beide hoë en populêre literatuur en in verskillende literêre genres – insluitende die magiese realisme – gelees kan word, sal as voorbeeldteks gebruik word. Ek sal aantoon hoe die funksie van die spookkarakters in hierdie roman bepaal kan word deur die gebruik van die paranormale wetenskap se kategorisering van spokery.

**Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

[Mariette.Vangraan@nwu.ac.za](mailto:Mariette.Vangraan@nwu.ac.za)

---

**Neil van Heerden:**

**Die (nie)kanoniserings van Deon Meyer se romans**

In *Fringe and Fortune: the Role of Critics in High and Popular Art*, stel Wesley Monroe Shrum Jr. die vraag:

Why does the distinction between high and popular art persist in spite of postmodern predictions that it should vanish? [...] Since Plato, the difference between artworks that merit sustained attention and those that merely offer ephemeral entertainment has been a preoccupation for students of culture (Shrum 1996: 6).

Een invloedryke konstruksie waarvolgens daar steeds op letterkundige gebied onderskei word tussen daardie werke wat volgehoue “ernstige aandag” regverdig en dié wat bloot “ontspanning” verskaf, is die literêre kanon. Hambidge meen byvoorbeeld LitNet se onlangse aanlynseminaar, *Poolshoogte* (2014), is “in wese ’n debat oor kanoniserings en die problematiek rondom hierdie komplekse proses.” (“Hekwagters en oop hekke”, 2 Julie 2014)

Volgens Tompkins (1989: 441) verteenwoordig die literêre kanon “those literary works that at any given moment in a culture’s history are regarded by educated people as the best their culture has to offer.” Tog is die kanoniseringsproses (wat daartoe lei dat sekere outeurs en tekste ingesluit, en ander uitgesluit word) nie altyd deursigtig nie.

Vervolgens kom die verskynsel van die (Afrikaanse) literêre kanon in die algemeen, en die kanoniserings van Deon Meyer se werk in die besonder, onder die loep. In hoe mate is/word die werk van Deon Meyer, stellig een van die

suksesvolste (“beste”) Afrikaanse skrywers op hede (as daar bloot na sy internasionale aansien gekyk word), gekanoniseer – al dan nie?

In navolging van Kleyn (2013) se sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000 – 2009, word daar in hierdie referaat gekyk na die manier waarop die volgende deurslaggewende kanoniseringsmeganismes op die werk van Deon Meyer inspeel: uitgewerspraktyke en die boekhandel; mediapraktyke en resensies; literêre pryse; vertaling; akademiese belangstelling en literatuurgeskiedenis; kleiner sisteme binne die Afrikaanse literatuur (te wete skryfskole, verwerkings, leeskringe en die voorgeskrewe mark).

## **Universiteit van Suid-Afrika**

[vhern@unisa.ac.za](mailto:vhern@unisa.ac.za)

---

### **Hein Viljoen:**

#### **'n Stilometriese analise van negasie en negativering in die werk van Elisabeth Eybers**

Negatiewe en ontkenings kom baie dikwels voor in die poësie van Elisabeth Eybers en is vermoedelik 'n belangrike kenmerk van haar styl. Dit kan ook deel uitmaak van haar digterlike praktyk om teen agteruitgang en verval in te skryf. Eybers se werk is ryk aan implisiete betekenis en alternatiewe moontlike wêreldes wat o.a. deur negatiewe, ontkenende konstruksies en deprivatiewe geskep word (vgl. Viljoen 2014).

In hierdie referaat sal ek verslag doen oor 'n stilometriese ondersoek na Eybers se gebruik van negatiewe en ontkeningsvorme as 'n voortsetting van my 2014-artikel. Die veronderstelling is dat negativering 'n besondere kenmerk van haar styl is en dat sy negativering gebruik om, deur die skep van alternatiewe wêreldes, die idee van gemis, die dood en die onuitspreeklike uit te spreek.

Die uitgewers het goedgegunstiglik 'n digitale weergawe van Eybers se *Versamelde werk* vir my verskaf. Die lêers in tiff-formaat is omgeskakel na doc-formaat en ontfout. Die frekwensie en funksie van negasie in Eybers se werk sal vergelyk word met poësie in die Proteakorpus en ook met 'n korpus geskrewe Afrikaans van tussen die 1940's en die 2000's. Die frekwensie en funksie van negasie in die digter se eerste drie bundels sal ook vergelyk word met die laaste drie. Ek sal die kategorieë van Tottie (1991) en Huddleston (2010) gebruik en aanpas waar nodig. Die analyses sal gedoen word met die programme R, Voyant en Wordsmith.

**Louise Viljoen:**

**Die gedig as paringsdans: 'n Onderzoek na enkele liefdesgedigte in Marlene van Niekerk se bundel *Kaar***

Die meeste resensies oor Marlene van Niekerk se digbundel *Kaar* maak melding van die liefdesgedigte in die tweede afdeling van die bundel. Hierdie referaat ondersoek die moontlikheid dat die liefdesgedigte in die bundel vir die leser toegang kan gee tot die poëtikale opvatting onderliggend aan die bundel as 'n geheel. Deur 'n stiplees van die eerste gedig in die tweede afdeling, "Aan die swaan op die IJ in Februarie", aan die hand van Tim Hancock se artikel "The chemistry of love poetry" word ondersoek ingestel na die idee dat die liefdesgedigte in die bundel 'n soort paringsdans verteenwoordig (vgl die slotreël van genoemde gedig se verwysing na "balts"). Deur die lesing uit te brei om raakpunte met Van Niekerk se verhaal "Die swanefluisteraar" en Elizabeth Grosz se ondersoek na die aard van kuns in *Chaos, Territory, Art* in te sluit, word geargumenteer dat hierdie gedig gelees kan word as 'n gedig wat handel oor die skryf van poësie. Die referaat sal onder meer fokus op die vormlike eienskappe van die gedig, die konstruksie van die "liriese ek" en die gebruik van rame.

**Universiteit van Stellenbosch**

[lv@sun.ac.za](mailto:lv@sun.ac.za)

---

**Metha-Miré Viljoen:**

**"Die Etende Afrikaner": 'n Onderzoek na die kulinêre literatuur van Marlene van Niekerk**

Die gevestigde skrywer en digter Marlene van Niekerk is wêreldbekend vir die diep spore wat sy in die Afrikaanse letterkunde laat. Haar oeuvre word grootliks ondersoek met die fokus op haar poësie en prosa deur teoretici soos Buxbaum, Van Vuuren, Van der Mescht en Fourie. Nietemin is sy nie net bekend vir haar beduidende bydrae tot die Afrikaanse letterkunde nie, maar daar is ook 'n ander aspek van haar werk wat nog nie aandag ontvang het nie, naamlik haar kulinêre skryfwerk.

Van Vuuren (1999: 709-721) skryf in *Perspektief en Profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis* dat Van Niekerk se werk 'n ryk verbeeldingskrag en poëtiese inslag het. Temas wat deurgaans in haar oewre neerslag vind, handel onder andere oor natuur- en kultuurelemente, taboedebreking, metaforiese taalgebruik, literêre intertekste, intellektuele verwickeldheid, Afrikanergeskiedenis en Suid-Afrikaanse ontwikkelinge. Deurgaans in haar oewre maak Van Niekerk gebruik van hierdie temas om speels, dog filosofies met die woord om te gaan. Alhoewel daar talle studies gedoen is oor Van Niekerk se literêre oewre vind ek dat daar 'n leemte is rakende haar kulinêre kommentaar.

Hierdie referaat dus is in die eerste plek 'n bestekopname van Van Niekerk se kulinêre skryfwerk, wat bestaan uit akademiese artikels, koerantberigte sowel as resensies en resepte in die tydskrif *Insig* (2001-2006). Tweedens gaan ek enkele belangrike temas uit haar kulinêre skryfwerk ondersoek, spesifiek rakende haar kommentaar op Afrikanerkultuur.

## **Universiteit van Pretoria**

[Viljom2@unisa.ac.za](mailto:Viljom2@unisa.ac.za)

---

### **Andries Visagie:**

#### **Gilbert Gibson se spel met die hermetisisme van die gnostiek in sy gedig “glimlag” uit *Oogensiklopedie***

Die soms komplekse poësie van Gilbert Gibson plaas sy werk in 'n uitsonderlike posisie binne die tradisie van die Afrikaanse digkuns. Met sy gedigte “glimlag” en veral “glimlag” uit *Oogensiklopedie* (2009) put hy direk uit die tradisie van die hermetisisme wat met Hermes Trismegistus en die esoterisme van antieke Griekeland en Egipte, spesifiek die tweede en derde eeue ná Christus, geskakel word. Die gedig “glimlag” word in die formaat van 'n Bybelse of apokriewe geskrif weergegee en die digterlike vormgewing deur middel van versreëls word prysgegee. Die motto wat verwys na die gnostiese Nag Hammadi-biblioteek, dit wil sê die versameling gnostiese geskrifte wat in 1945 by Nag Hammadi in Egipte ontdek is, plaas die leser op die spoor van die relevansie vir die gedig van die “Evangelie van Judas”, 'n kodeks wat in 1978 ontdek is en wyd opspraak verwek het weens die gunstige voorstelling van Judas as Jesus se verraaier. Klaarblyklik na aanleiding van die “Evangelie van Judas” ontwikkel Gibson 'n komplekse kunsteoretiese besinning in “glimlag” oor die soms misleidende, verraderlike maar ook verlossende omgang van die digter met die woord. In hierdie verband is die volgende woorde in die gedig veelseggend: “dit wat woorde wek, selfs die obskure, in vele herhalings van verraad”. Met verwysing na Amanda Lourens (2013) se voorgestelde leesstrategie vir Gibson se

hermetiese poësie in sy bundel [vii], die navorsing van Johannes van Oort (2006) oor die gnostiese agtergrond van die “Ewangelie van Judas” en Paul Claes se teoretiese studie *Zwarte zon. Code van de hermetische poëzie* (2013) is hierdie referaat ’n poging om groter insig te verwerf oor die aard van die dikwels selfbewuste spel waarby Gilbert Gibson sy leser betrek met kriptiese stelwyses, ongewone woordkeuses, komplekse sintaksis, geleerde verwysings en ander tipies hermetiese werkswyses.

**Universiteit van Stellenbosch**

[agvisagie@sun.ac.za](mailto:agvisagie@sun.ac.za)

---

**Martina Vitackova:**

### **Feministe in die literêre onderwêreld. ’n Verkenning van Afrikaanse chick-lit uit die oogpunt van (post)feministiese teorie**

Volgens Cliffordene Norton van LAPA uitgewers is die romansegenre “onlosmaaklik verbind aan die evolusie van die vrouebeweging”. Ook ander artikels wil ons laat glo dat die vroulike karakters in hedendaagse Afrikaanse fiksie vir vroue meer en meer onafhanklik en geëmansipeer is. Is dit werklik die kwessie, of is die stereotipe representasie van vroulike subjektiwiteit steeds diep geanker in populêre romantiese letterkunde? Hierdie referaat kyk na ’n aantal onlangse voorbeelde van chick-lit tekste in Afrikaans om die opvatting dat romantiese fiksie deel uitmaak van die emansiperende beweging te toets, en om aan te toon hoedat hierdie tekste (on)bewus die ideaal van ’n blanke heteroseksuele huwelik dupliseer, steun en bevestig.

**Universiteit van Pretoria**

[m.vitackova@gmail.com](mailto:m.vitackova@gmail.com)

---